Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe
Kompas

Jaargang 21 no 2
Februarie 2012

- God se ekstreme maatreëls om sy volk terug te wen 2
- Kerknuus uit Nederland 4
- 'n Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (1) 6
- Algemene Sinode 8
- Taal en kultuur in die kerk 10
- Hoe lief het ek u wet 12
- Versoening tussen Bybel en Wetenskap (2) 14
- "Building strong leaders" 16
- Kerke in die spervuur 18
- VGKSA-sinode? 21
- Boekenuus 23

BEHOUE VAART: ook in 2012

Aan die begin van die erediens bely ons: ons hulp is in die Naam van die HERE. So wil ons die jaar anno Domini 2012 ook begin. Die jaar van die HERE. Hy is ons hulp. Maar dan staan dit ook vas en seker. As u dit ook bely, hoef u nie daaraan te twyfel nie. Dan kan ons verder. Ook wanneer die toekoms somber lyk.

En dan hoef ons nie ons oë te sluit vir wat om ons gebeur nie. Ons wat woon in stede wat van die mees gewelddadige in die wêreld gereken word. En hoe stormagtig is ons eie lewens ook nie. Die lewe van elke dag, maar ook die kerkskip, kan soms steier in die golwe. Tog bely ons ook daar: ecclesia fluctuat non mergitur. Dit wil sê: die kerk van Christus sal, ondanks die rowwe seë, nie ondergaan nie. Tot op die jongste dag. Maar dit kos stryd. Daarvoor word u en ek ook ingespan. 'n Stryd egter waarvan die oorwinning vaslê.

Kompas wil u ook in 2012 help om die koers in u lewe te bepaal. Daar is soveel waaroor geskryf kan word. Die lewe is so ryk en wyd. Daar is ook soveel gawes, soveel kundigheid in ons geledere. Dit mag ons deel. Mekaar tot 'n hand en 'n voet wees. Liggaam van Jesus Christus, met baie lede. Almal belangrike skakels om die gemeenskap van die heiliges te bou. Ons vertrou dat hierdie blad ook in 2012 mag blom. Ons hoop dat ons meer lesers kan bereik. Ons het 'n Woord vir die wêreld. Die blye evangelie wat ook blydskap en vreugde in ons huise, in ons lewens, in ons kerke mag bring. Blydskap en vrede, ook vir ons land Suid-Afrika!

Om dit te bereik moet ons almal, lesers en skrywers, hard in die Bybel studeer. Die Here vra van ons dat ons dit doen. Luister na sy Woord, praat daaroor. Die redaksie het beplan weer om 'n dinkskrum te hou.
By die ter perse gaan het die dinkskrum nog nie plaasgevind nie. Die resultate is dus nog nie bekend nie. Die sake wat ons gaan aanspreek is: vermeerdering van ons skrywers en lesers; die redaksie sou die tydskrif graag in kleur wou uitgee; ons gaan 'n hersiening van die temas doen; beplanning van die vloei van werksaamhede van *Kompas*; en die rol van die subredakteurs. Die rubrieke moet ook aan die orde kom. Ons bid die Here dat Hy ons wysheid by die dinkskrum sal gee. Bid vir die redaksie.

Douwe Drijfhout

GOD se EKSTREME maatreëls om SY VOLK terug TE WEN – Esegiël 24 en 33

Uit die Bybel

Esegiël se voorbeeld word nagevolg
By sowel die ballinge as by die agtergeblewenes in Jerusalem het daar 'n totaal verkeerde indruk bestaan oor die toekoms van Jerusalem. Die ballinge, enersyds, het gemeen dat hulle binnekort na Jerusalem sou terugkeer. Die agtergeblewenes, andersyds, was van mening dat hulle God in hul midde gehad het, en Hy sou hulle mos nie sommer net verlaat nie?! Beide hierdie groepe het nie erns gemaak met God se voorspelde oordeel oor die stad en die tempel nie. Esegiël se profete-stem het nog geen gehoor gevind nie.

Maar dan breek die uur van waarheid aan, waarin blyk dat Esegiël se profete-stem die waarheid gepraat het. "Die koning van Babel het hom hierdie selfde dag op Jerusalem gewerp" (24:2) – dít moet Esegiël vir die ballinge vertel. Maar dit is interessant hoe Esegiël hierdie onheilsboodskap as't ware moet begelei met iets wat lyk soos 'n vrolike kookliedjie: sit die pot op, gooi die water in, voeg die beste stukke vleis by, maak die houtjies reg, steek die vuurtjie aan, en laat die gekook begin. Opmerklik… Want Esegiël het vroeër in sy profesie ook van die beeld van die kookpot gebruik gemaak. In hoofstuk 11 – daar het die agtergeblewenes gemeen dat Jerusalem die kookpot en dat hulle die goeie stukke vleis was, en toe moes Esegiël vir hulle vertel dat hulle ***nie*** die vleis in hierdie pot sal wees nie. Maar hoe dan nou? Is die inwoners van Jerusalem skielik wel die vleis in die pot? Is Esegiël se kookliedjie dalk die voorspel tot 'n groot oorwinningsfees?

Maar so vrolik soos wat hierdie kookliedjie begin, so abrup eindig dit ook weer: "Wee die bloedstad, die pot waar roes in is en waarvan die roes nie afgegaan het nie" (24:6). Oombliklik is die droom van oorwinning verby, en is ons terug in die werklikheid van Jerusalem se verskriklike sondes. Die pot is só vuil dat die kok besluit om maar eers die stukke vleis uit te haal en die pot te probeer skoonkóók. Maar wanneer dit nie werk nie, gooi die kok ten einde raad nog hout by en voer die vuur op tot 'n verwoestende brand. En dan laat hy die pot met die vleis daarop staan, totdat dit rooi-warm gloei en uiteindelik wegsmelt en verbrand met alle ongeregtighede daarin. Die enigste gepaste lot vir Jerusalem en sy inwoners is verwoesting. Die Here se geduld is op: "… dit kom, en Ek sal dit doen; Ek sal nie ophou nie en sal nie verskoon of berou hê nie…" (24:14)

Dit is verskriklik wat hier gebeur! Wat sal die volk se reaksie hierop wees? Wel, die Here laat die volk nie eens toe om self te reageer nie. *Hý* sal hulle léér hoe hulle moet reageer op die verwoesting van Jerusalem, *Hý* sal vir hulle die voorbeeld gee van die gepaste reaksie. En om dit te doen, laat die Here iets gebeur wat elkeen van ons, wat 'n lewensmaat van harte liefhet, tot in ons siel toe sal laat seerkry. Vir die doel van sy boodskap aan sy volk neem die Here Esegiël se vrou binne een dag van hom af weg. En dis nie sommer 'n vrou uit 'n huwelik wat tog nie alte waffers was nie; nee, die Here neem die lus van Esegiël se oë van hom af weg. Esegiël se liefde vir sy vrou word hier beskryf as 'n diepgewortelde emosie, 'n intense deernis vir die maat wat die Here aan Hom geskenk het. Kan jy jouself dit voorstel? En asof dit nie erg genoeg is nie, volg dan nog hierdie skokkende opdrag: Esegiël word deur die Here verbied om oor sy vrou se skielike dood te treur. Hy mag geen tekens van rou wys nie. Esegiël moes die dood van sy vrou aanvaar asof daar niks ernstigs gebeur het nie.
Vriende, familie en volksgenote het waarskynlik na Esegiël se huis gestroom. Hulle het verwag om Esegiël daar aan te tref, terwyl hy uiting gee aan sy emosies op die wyse wat in daardie kultuur normaal was. Maar wat vind hulle? Hulle vind Esegiël besig met sy daaglikse bedrywighede asof niks gebeur het nie. Dit moes 'n skokkende en ontstellende ervaring vir die mense gewees het. Wat gaan aan met Esegiël? Maar dan begin die mense iets aanvoel; jare se omgang met Esegiël het hulle al geleer wanneer daar 'n boodskap na hulle kant toe gaan kom. En daarom hulle vraag in vers 19: "Sal u ons nie te

kenne gee wat dit ***vir ons*** beteken dat u so maak nie?"

En dan verduidelik Esegiël vir sy mede-ballinge: soos wat die Here die lus van my oë van my af weggeneem het, so sal Hy met julle ook maak. En wat was presies die lus van hulle oë? Natuurlik, Jerusalem! En in die besonder die tempel! Die tempel was die glorie van hulle sterkte, die lus van hulle oë, die medelye van hulle siel (24:21). Dit alles sal die Here van hulle af wegneem. En hoe sal hulle daarop reageer? Op presies dieselfde wyse as wat Esegiël nou gereageer het op die dood van sy dierbare vrou. In die persoon van Esegiël gee die Here aan sy volk 'n voorbeeld van hoe hulle moet reageer wanneer Hy binnekort die mees kosbare van hulle gaan wegneem.
Ja, die mees kosbare… Dit is hoe die volk daarna gekyk het. Maar was dit werklik die mees kosbare? Die Here was immers nie meer in sy tempel nie; die heerlikheid van die Here het die stad verlaat. Maar kon Jerusalem en die tempel dan nog die mees kosbare wees? Kon dit dan nog werklik die glorie van die volk se sterkte en die lus van hulle oë wees? Nee! En dit is dan ook die belangrike les vir die volk; die Here sê in feite vir hulle: "julle is verknog aan Jerusalem, julle is verknog aan die tempel, maar ***Ek*** is nie meer daar nie!" Natuurlik was Jerusalem histories die stad van die Here, en natuurlik was die tempel die woonplek wat Hy uitverkies het, maar Jerusalem en die tempel ontvang hulle waarde slegs omdat Gód daar wil woon. Maar God het intussen hierdie bloedstad verlaat. En daarom mag die volk ook nie meer hulle hart op die stad en die tempel plaas nie. Die volk moet leer om hulle hart te plaas op die Here hulle God! Die Here wil graag hê dat ***Hy*** die glorie van sy volk se sterkte, en dat ***Hy*** die lus van hulle oë sal wees. Hy wil hê dat hulle na ***Hóm*** moet kyk! En juis dáárom hoef daar oor die stad en die tempel geen rouklag te wees nie, want God is nie meer dáár nie. Moenie rou oor iets wat in sigself geen waarde het nie!

Waaroor rou ons? Of anders gestel: wat is vir ons kosbaar, wat is die lus van ons oë? Ons kerk-wees en ons kerklike gebruike, die VGKSA, die vorm van ons liturgie en die invulling van ons Sondae, die doop en die nagmaal – sonder die Here is al hierdie dinge absoluut leeg en sinneloos. Ons geloof vind nie sy sekerheid in al hierdie dinge nie; laat ons daarom ook nooit ons harte hierop plaas nie. Die gemeente of die kerkverband is nie die lus vir my oë nie. Die Here is die lus vir my oë! Ek moet Hom soek, ek mag Hom aanhang, ek mag in Hom my sterkte vind. En dit is presies wat die Here sy volk wou leer in die verwoesting van Jerusalem en die tempel: dan sal julle weet dat Ek die Here HERE is (24:24)! As die ware godsdiens ontaard in vormgodsdiens, of nog erger: as die volk van die Here afwyk en ander gode begin dien, dan verlaat Hy die vorm, en dan word die vorm leeg.
Laat ons baie mooi nagaan of die vorm wat ons hier op aarde het in terme van die kerk en die kerklike lewe, nie leeg geword het nie. Want anders roem ons in dít wat op sigself geen enkele waarde het nie. Ons is daarom nie verknog aan die naam van ons kerk of aan ons manier van doen nie. Ons is verknog aan die Here! Kom ons soek Hom, en Hom alleen! Dán is daar rede om te huil en te rou, soos Sagaria in hoofstuk 12 van sy profesie sê: as ons opkyk na Hom vir Wie ons deurboor het, as ons opkyk na die

Waaroor rou ons?
Wat is vir ons kosbaar,
wat is die lus van ons oë?

gekruisigde Christus, dan mag ons oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind. Laat die trane maar vloei as ons dink wat ons ons Here aangedoen het, en hoe daar op dié manier vir ons vrede gekom het. Maar ons treur nie oor enige iets anders as dit nie ***in*** die Here is nie, want sonder Hom is alles tevergeefs. Dit moes die ballinge leer, dit moet ons ook leer.

Esegiël se stomheid word opgehef

Die boodskap wat die Here hier vir sy volk oordra, mag vir ons hard oorkom. Hierdie arme ballinge, alles is van hulle af weggeneem. Al wat hulle eintlik nog gehad het om aan vas te hou, was die herinnering aan die geliefde vaderland en die pragtige tempel, en nou word dít ook nog van hulle af weggeneem. Maar die Here is nie hard nie. Wanneer Hy die vertroue op stad en tempel uit die hande van die volk neem, dan laat Hy hulle nie met leë hande agter nie. Nee, sê die Here vanaf vers 25, die dag as Ek hul vesting van hulle af wegneem, hul heerlike vreugde, die lus van hul oë en die verlange van hul siel, die dag as 'n vlugteling vanuit Jerusalem kom om dit te kom verkondig… Ja, wat dan? Dan, só lees ons in vers 27, sal die mond van Esegiël geopen word, dan sal hy spreek en nie meer stom wees nie.
Maar was Esegiël dan stom?
Wel, die Here het in hoofstuk 3:26 vir Esegiël gesê: "Ek sal jou tong aan jou verhemelte laat klewe, sodat

jy stom sal word en vir hulle geen bestraffer sal wees nie." Dit is moeilik om jouself voor te stel wat presies met Esegiël gebeur het, maar as ons die Woord ernstig opneem, dan moet ons aanneem dat hy vir amper sewe jaar lank – vanaf sy roeping as profeet tot die val van Jerusalem – slegs gespreek het wanneer die Here hom dit opgedra het. Buiten dit het hy geen enkele woord gespreek nie. En ja, dit wat die Here in daardie eerste sewe jaar van Esegiël se bediening te sê gehad het, was nie werklik 'n boodskap waarvan 'n mens vrolik raak nie. Maar dit was al wat Esegiël toegelaat was om te spreek; jy sal stom wees, totdat die boodskapper kom.



En wanneer ons dan blaai na hoofstuk 33 en in vers 21 die boodskap van die vlugteling hoor: "die stad is ingeneem", dan lees ons vervolgens in vers 22 die vervulling van wat die Here belowe het: "en Hy het my mond geopen teen die tyd dat die vlugteling in die môre na my gekom het. So is dan my mond geopen, en ek was nie meer stom nie." Natuurlik, Esegiël het in die eerste 24 hoofstukke nog elke keer die Woord, wat die Here hom opgedra het, verkondig. As die Here spreek, wie kan dan in elk geval swyg?

Maar dit is asof daar vanaf hoofstuk 33 'n geweldige stuk vryheid in Esegiël se spreke kom; dit is asof die hoop en die heil en die verlossing wat nog die hele tyd in die Here geborrel het, nou skielik opening kry om uit te stroom in die persoon en deur die mond van Esegiël. En gevolglik sien ons dan ook dat die profesieë vanaf hoofstuk 33 'n baie sterker heilskarakter kry as die profesieë daarvoor. Wanneer die Here die stad en die tempel van die volk af wegneem en hulle verbied om daaroor te treur – juis omdat ***Hy*** nie meer daar is nie – dan laat Hy hulle nie met leë hande nie; nee, dan vul Hy hulle met sy heerlike verlossingswoord! Ja, eers slaan die Here alle houvas uit hulle hande weg, en dan vul Hy dit vervolgens met heil en verlossing. Aan 'n moedelose volk wat geen houvas meer gehad het nie en wat hard deur die Here geslaan is, mag Esegiël vervolgens woorde van heil en verlossing bring. En dít is waaraan hulle moet vashou! Hulle mag nie vashou aan dooie dinge soos 'n stad en 'n tempel nie. En net so min mag ons dit doen. Daar is geen houvas in die dinge waaraan ons so dikwels vashou nie. Daar is slegs houvas in die Woord van die Here, in sy beloftewoord wat alle dinge oortref. Alle dinge vergaan, maar die Woord van die Here hou stand in ewigheid. Dít is wat die Here as houvas aan ons gee. En dan hoef ons nie te bou op uiterlike dinge nie, maar dan mag ons in geloof sê: "Waarlik, die Here is in ons midde!"

Ds Erik van Alten *is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.*

KERKNUUS

Kerknuus uit Nederland

'Een hoogleraar gaat met emeritaat, een christen nooit." Dit was die woorde wat emeritus hoogleraar prof J Kamphuis in 1987 uitgespreek het by sy afskeidslesing aan die Theologische Universiteit te Kampen. Dit was kenmerkend van sy lewenslange diens as Evangelie-dienaar. Maar op Dinsdag 13 Desember het die Here sy dienstyd op aarde afgesluit en is hy op 89-jarige leeftyd in Ommen oorlede.

Prof Kamphuis was amper dertig jaar lank hoogleraar aan die Theologische Hogeschool – sedert 1987 universiteit – van die GKv. In 1959 is hy aangestel as hoogleraar Kerkgeskiedenis en Kerkreg; van 1979 tot 1987 was hy hoogleraar Dogmatiek en Simboliek. Sy seun, prof dr Barend Kamphuis, het hom kort daarna opgevolg.



Jacob (Jaap) Kamphuis (1921) het opgegroei in Nieuw-Loosdrecht. In 1942 het hy begin met sy teologiese studie in Kampen. In 1944 was hy deel

van die Vrymaking. Van 1948 tot 1958 was hy predikant te Ferwerd en Hallum, Bunschoten-Spakenburg en Rotterdam-Delfshaven.

In sy onderrig het hy, volgens homself, altyd gesoek na 'n balans tussen persoonlike betrokkenheid en wetenskaplike afstand. In 'n bundel ter geleendheid van sy 75ste verjaardag skets prof dr C Trimp die voorliefde van prof Kamphuis vir polemiek en diskussies. 'In Kamphuis se werk het dit veral beteken dat 'n mens die leer suiwer moes bedien. Sonder suiwer leer geen suiwer lewe nie.'

Nie almal in die kerke in Nederland het die rol van prof Kamphuis altyd waardeer nie. Veral nie tydens sy bydrae en leiding in 1967, toe 'n groot aantal vrygemaakte kerke weggebreek het van die GKv en die Nederlands Gereformeerde kerk gestig het. Prof Kamphuis was egter nooit spyt oor sy bydrae in die tyd nie: 'Die kosbare inhoud van Sondag 22 – oor die vraag: Sterwe, en dan? – was in die geding. Dit het vir my destyds gegaan oor die algemeen ongetwyfelde Christelike geloof. Dit het my daartoe aangespoor om in 1976 so daaroor te praat en te skryf.'

In die afgelope paar jaar het prof Kamphuis homself veral bekommer oor die ontwikkeling binne die GKv: ''n Mens moet nie met die Bybelse leer eksperimenteer nie. Ek hoop werklik dat die diep klank van die oproep om tot Jesus Christus te kom, nie in die prediking sal ontbreek nie."

Prof Kamphuis het verlang na meer kerklike eenheid. Hy het die kontak tussen "Kampen" en die Christelike Gereformeerde universiteit in Apeldoorn toegejuig. 'Dit is 'n verkeerde tendens in die gereformeerde kerke dat mense hulle redelik vinnig maar net neerlê by die gebrokenheid van die kerklike situasie', het hy 'n keer in 1999 uitgespreek. Hoewel hy homself kon vind in die breë gereformeerde kerklike situasie, het hy gewaarsku vir 'n beperkte visie. 'Die Here kom tot elke sondaar met die heil in Christus, en met die oproep tot geloof en bekering. En wie tot Hom kom, word nie weggestuur nie.'

Dan ook goeie nuus uit Nederland: Begin Augustus het vier jeugverenigings besluit om 'n platform op te rig vir die jeug in die GKv. En dan ook heeltemal in die styl van Web 2.0 en gratis! Sien www.gjp-online.nl. Die naam van hierdie nuwe samewerking is daarom ook: Gereformeerd Jongeren Platform, GJP.
Die doel hiervan is om aan die jeug van 16 jaar en ouer gratis Bybelstudie-materiaal te verskaf. Ook wil die GJP onderling 'n verbinding tussen die jeug vorm, deur self aktiwiteite te organiseer en jeugaktiwiteite van verskillende kerke te adverteer en te stimuleer. Op hierdie manier wil die GJP probeer om jeug in die GKv met mekaar in verbinding te bring. Die GJP sal vanaf 7 November haar Bybel-studie-materiaal via die webwerf uitgee. Alle jeug is dan welkom om aan te meld by die GJP en hulle mag gratis van haar dienste gebruik maak. Maandeliks word 'n nuusbrief uitgegee, sodat die jeug altyd op die hoogte is van Bybelstudies, jeugaksies en nuus-berigte. Ook sal uitruil-naweke geadverteer word.

Graag sou die GJP in die toekoms ook haar eie aktiwiteite wil organiseer, soos Bybelstudie-naweke, sporttoernooie, ens. Hierdie inisiatief het ontstaan nadat die Bond vir Gereformeerde Jongeren, BGJ, te kennen gegee het dat hulle sou ophou bestaan. Die GJP-inisiatief word huidiglik gedra deur die GKv gemeentes in Den Helder, Hoofddorp, Katwijk en Rijnsburg.

Ds Axel Hagg *is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.*

Afsnydatum vir die volgende uitgawe van *KOMPAS:*

10 Februarie 2012

’n NUWE Afrikaanse Bybelvertaling (1)

Venster op die Bybel

Inleiding

Die Sinode het die NAB afgeweeg teenoor die 1933/1953-vertaling en besluit om vir alle amptelike arbeid in die kerk by die 1933/1953-vertaling te bly. Hierdie besluit word geneem op grond van die oorweging dat die NAB in vergelyking met die 1933/1953-vertaling baie vryer in sy weergawe van die grondteks is en op baie onderdele as vertaling nie aanvaarbaar is nie. Deur die gevolgde metode word die Bybelleser te sterk afhanklik van die eksegese van die vertaler en dreig die verband tussen die Bybel en die belydenisskrifte verlore te gaan… Die sinode oorweeg dat insake die vertaling van die Bybel wat die Woord van God is, die uiterste versigtigheid en nougesetheid vereis word. As kerke moet ons alles doen wat binne ons vermoë is om op hierdie punt te waak teen devaluering van die Woord van die Here.”

- Handelinge van die Sinode van die VGKSA, 1986



1983-vertaling *of* 1933/53-vertaling

Dit was wyse woorde wat die kerke in 1986 gespreek het nadat hulle die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling van 1983 getoets het. Hoewel goed bruikbaar, is die 1983-vertaling nie so getrou aan die grondteks (of: bronteks, bedoelende die oorspronklike Hebreeus en Grieks) as die 1933/53-vertaling nie. Ook is daar ‘n verarming in die weergawe van verskeie ryk Bybelse begrippe. Daarteenoor het ons in die 1933/53-vertaling ‘n vertaling-skat – letterkundig, maar veral ook teologies. Dit gee die bronteks baie getrou weer, met behoud van oorspronklike Bybelse begrippe.
En tog moet ons die 1933/53-vertaling nie verhef tot ‘n status wat dit nie verdien nie. Soos elke ander vertaling is ook hierdie vertaling mensewerk, waarby foute gemaak is en waarby ‘n mate van interpretasie (hoe klein ook al) onvermydelik was. Daarby het die Afrikaanse taal intussen ook ontwikkel en verander, sodat sommige dele van die 1933/53-vertaling vir hedendaagse lesers waarskynlik vreemd in die ore klink.

Wanneer ons daarom verneem dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika besig is om aan ‘n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling te werk, mag ons versigtig-optimisties wees. Of om prof Klaas Schilder se bekende begrip te gebruik: ons mag ***simpateties-krities*** wees. Ons mag simpatiek teenoor so ‘n projek staan, aangesien geen Bybelvertaling volmaak is nie en ons daarom steeds moet soek na verbetering. Maar ons moet ook krities wees, sodat ons die skat wat ons reeds ontvang het, nie goedkoop verkwansel nie. En dit is presies die taak van Deputate Bybelvertaling…

Agtergrond

Die mooi van die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling waaraan tans gewerk word, is dat dit nie ‘n inisiatief van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika was nie, maar dat die inisiatief vanuit verskeie kerke in Suid-Afrika gekom het. Daar was in Afrikaanssprekende kerke die behoefte vir ‘n Bybelvertaling wat sterker aansluit by die bronteks, maar wat steeds goed verstaanbaar is in hedendaagse Afrikaans. Die gevolg was dat daar daar ‘n Kerklike Advieskomitee (KABA) gestig is, waarop alle kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik, verteenwoordig is. Deur middel van deputate is die VGKSA ook op hierdie komitee verteenwoordig.

KABA het die volgende vertaalopdrag aan die vertalers geformuleer:

> ***Skep ‘n goed verstaanbare, bronteks-georiënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategese, Bybelstudie en persoonlike gebruik.”***

Met hierdie opdrag – wat in teorie 'n duidelike en goeie opdrag is – het eksegete, brontaalkenners, professionele Afrikaanse vertalers, letterkundiges en taalkundiges aan die werk gespring. Die vertaling verloop in vyf fases. In die **eerste fase** werk twee eksegete (Ou of Nuwe Testamentikus) en 'n brontaalkenner (van Hebreeus of Grieks) saam en lewer dan 'n vertaling en uitgebreide aantekeninge aan 'n persoon wat 'n intra-vertaler genoem word. Dit is 'n opgeleide Afrikaanse taalpraktisyn of 'n erkende digter of kreatiewe skrywer wat die teks dan in goeie hedendaagse Afrikaans weergee. Die eerste eksegeet waak steeds oor die getrouheid aan die bronteks. In die **tweede fase** gaan die teks na Afrikaanse taal- en letterkundiges wat nagaan of die teks wel goed verstaanbare Afrikaans is, waarna die eerste eksegeet en intra-vertaler weer seker maak dat die vertaling steeds getrou is aan die bronteks.
In die **derde fase** word die teks vir kommentaar en voorstelle na lesers gestuur wat deur die samewerkende kerke benoem is. Die vertaling sal ook op die Bybelgenootskap se webblad en op ander maniere onder ander groepe lesers se aandag gebring word. Hierna word die kommentaar verwerk. In **fase vier** word die konsekwentheid van die vertaling in bepaalde versamelings boeke (soos in die eerste vyf boeke van die Ou Testament, die evangelies, die briewe van Paulus) gekontroleer, asook die konsekwentheid van vertaling tussen die Ou en Nuwe Testament. In die **vyfde fase** word die teks gefinaliseer.

Stand van sake en oproep
Die vertaalwerk het, sedert daar in 2006 met die werk begin is, baie stadiger verloop as wat aanvanklik beplan is. Waarskynlik sal die teikendatum van 2016 nie bereik word nie. Maar ten spyte van die slakkepas-vordering het verskeie vertaalde dele van die Ou en Nuwe Testament intussen die derde fase bereik. Dit is die fase waarin lesers die geleentheid kry om kommentaar te lewer. Die sinode van die VGKSA het kerklike lesers aangestel om na hierdie vertaalde gedeeltes te kyk en hulle kommentaar daarop te lewer.

Maar ook u as gelowige Bybelleser kan hierin 'n belangrike rol speel. Ek verwys u daarom graag na die amptelike webwerf van die nuwe vertaling in Afrikaans: nuwekerkbybel.co.za. Op hierdie webwerf vind u onder die hofie 'proefvertalings' dié gedeeltes wat reeds beskikbaar is. U word aangemoedig om dit te lees. Moontlik kan u dit selfs uitdruk en saam met u gesin lees, terwyl u die 1933/53-vertaling as verwysingsmateriaal daarnaas gebruik. Uiteraard kan die meeste van ons nie nagaan of die nuwe vertaling getrou is aan die bronteks nie, maar met behulp van die 1933/53-vertaling sal u sommer gou 'n aanvoeling kry of hierdie vertaling getrou is aan die vertaalopdrag. Deputate ontvang graag u kommentaar.

www.nuwekerkbybel.co.za

'n Verdere verwikkeling
Een van die besluite wat gemaak is by die opstel van die vertaalopdrag was om alle Messiaanse verwysings in die Ou Testament nie meer met hoofletters weer te gee nie, maar om dit eerder met kleinletters te vertaal en in 'n voetnoot onderaan die bladsy te verduidelik. Ek gee 'n voorbeeld. Jesaja 9:5 sal nie meer vertaal word nie: "Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee…", maar eerder: "Want 'n kind is vir ons gebore, 'n seun is aan ons gegee…" Vervolgens sal met behulp van 'n voetnoot die Messiaanse vervulling van hierdie profesie aangedui word.

Verskeie kerke het egter teen hierdie besluit beswaar gemaak, waarna die Bybelgenootskap ingestem het om 'n alternatiewe weergawe van die nuwe vertaling te laat druk waarin die Messiaanse verwysings wel met hoofletters vertaal word. As Vrye Gereformeerde Kerke is ons dankbaar vir hierdie verwikkeling. Ons is immers daarvan oortuig dat die hele Skrif in Christus sy vervulling vind, en dat dit daarom mooi sal wees as dit ook so in die vertaling weergegee kan word. Deputate sal hierdie verwikkeling noukeurig volg.

Ten slotte
Bogenoemde inskiklikheid van die Bybelgenootskap asook die kwaliteit van die proefvertalings wat tot dusver verskyn het, het die Deputate Bybelvertaling tot die oortuiging gebring dat ons aktief by hierdie projek betrokke moet wees. Hierdie is nie 'n projek waarvan ons nou alreeds kan sê dat die VGKSA geen baat daarby gaan hê nie. Inteendeel, hierdie vertaling lyk tans na 'n realistiese opsie vir gebruik in die kerke. Uiteraard is daar aspekte waarvan ons kan verskil, maar dit is tot dusver nie van so 'n aard dat dit ons betrokkenheid in gedrang bring nie.

Daarom vra ons u voorbede vir alle betrokkenes by hierdie werk.

In die volgende uitgawe hoop ons om enkele konkrete aspekte van hierdie nuwe vertaling onder die vergrootglas te plaas.

Ds Erik van Alten *is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.*

ALGEMENE SINODE – 'n oorsig

Eenheid in verdeeldheid

Samelewing & Politiek

Die algemene sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het op 4 Januarie in Potchefstroom begin en binne agt dae 'n agenda van 773 bladsye afgehandel. Die vergadering het verbasend goed verloop in die opsig dat daar geen skeiding van die weë van kerke was of gaan wees nie, en alle afgevaardigdes het op 13 Januarie min of meer positief huiswaarts gekeer, waarskynlik dankbaar dat dinge goed afgeloop het.
Tog was dit duidelik dat daar diepgaande verskille in die kerke is, dat 'n aantal kerke hulle in die afgelope jare nie aan gesamentlike besluite gehou het nie, dat heelwat leervryheid toegelaat word en dat almal besef dat iets drasties moet gebeur. Dit was duidelik dat daar 'n gebrek aan eenheid in leer, diens en tug is. Oor wat gedoen moet en kan word, moet deputate nou vir drie jaar 'n studie maak, sodat die volgende sinode die geskille dalk meer effektief kan aanspreek.

Vrou in die amp
Die diepgaande geskille het veral duidelik na vore gekom by die agt beswaarskrifte oor die vorige sinode se besluite oor die vrou in die amp. Een stel beswaarskrifte het gevra dat die besluite nietig verklaar moet word. Die vrou mag nie in die ampte dien nie, ook nie in die diakenamp nie.
'n Ander stel beswaarskrifte het betoog dat die besluite nie ver genoeg gegaan het nie en dat daar geen Bybelse redes is waarom die vroulike geslag nie in al die ampte mag dien nie.

Die sinode besluit toe deur middel van 'n buitengewone ordevoorstel om die beswaarskrifte nie te behandel nie. Want as die beswaarskrifte behandel word, sou dit die onderliggende problematiek rondom die geskille nie oplos nie, maar eerder verdiep. Grondliggende oorsake moet eers bepaal word en aandag kry, het die sinode besluit. Daarby moet deputate 'n "omkeerstrategie" uitwerk om die kerk se missionêre roeping na te kom.
Deputate het dus opdrag gekry om die grondliggende oorsake te bepaal, om die beswaarskrifte te bestudeer en om die sinode te adviseer oor hoe eenheid en verskeidenheid in die kerke hul missionêre roeping kan dien. Ook moet die deputate probeer bepaal wanneer vryheid in verskeidenheid in ongehoorsaamheid aan die Woord oorgaan, wanneer besluite en optrede van 'n kerk die gemeenakkoord in gedrang bring, wanneer kerklike besluite 'n las op mense se gewetens plaas, en hoe die GKSA verlos kan word van 'n verlammende persepsie van 'n sterwende kerk en die persepsie verander kan word in 'n helder beeld van 'n kerk met 'n missionêre roeping.

Intussen moet kerke in die volgende drie jaar tot die volgende sinode in liefde en begrip teenoor mekaar optree (Rom 14), nie ander gebruike invoer pleks van dit waaroor kerke ooreengekom het of wat tans in die kerke in gebruik is nie. Kerke moet fokus op 'n omkeerstrategie en op hul missionêre roeping.
Vir almal is dit duidelik dat 'n belangrike oorsaak van die geskille in verskillende sienings van die hermeneutiek lê – hoe die Bybel uitgelê moet word. Dit lei tot verskillende sienings oor die gesag van die Bybel of minstens van sekere Bybelgedeeltes. 'n Mens kan maar sê dit is die

openbaringshistoriese benadering teenoor die sosiohistoriese siening. Of om dit meer populêr te stel: diegene wat die Bybel wil uitlê volgens hoe die Bybel self voorskryf dit uitgelê moet word, teenoor diegene wat die Bybel meer as 'n historiese boek sien wat in die lig van vandag se insigte en omstandighede uitgelê en toegepas moet word.

Om hierdie ver uiteenlopende sienings bymekaar te bring, is nog nooit êrens in die wêreld reggekry nie. Dit is eintlik 'n teenstelling tussen hoe God gedien wil word, en oor die mens wat self ook seggenskap wil hê. Soos iemand opgemerk het: Miskien het dit tyd geword vir 'n nuwe belydenis oor Bybeluitleg. Daar is waarnemers wat aanvoer dat kerke nou vir drie jaar rustig met die verskille gaan saamleef en geen aandag daaraan gaan gee nie. En oor drie jaar begin alles weer. Menslikerwys gesproke is hulle reg. Maar lidmate mag – moet – hoop en bid dat die Heilige Gees ons lei tot eenheid in die waarheid. En lidmate moet die deputate help met hul studie.

Hierdie verskille het in talle ander sake ook na vore gekom. Vir alle praktiese doeleindes het die sinode besluit dat die vrye lied nou ook toegelaat word, met die beperking dat sulke liedere eers deur die sinode goedgekeur moet word. Nadat die sinode 'n aantal sulke liedere goedgekeur het (onder meer "Stille nag, heilige nag"), is ongelukkig eers daarna 'n aantal goeie riglyne vir die keuring van sulke liedere goedgekeur (sien grys blok regs).

Predikantopleiding

'n Potensieel gevaarlike besluit is geneem toe 'n voorstel van die kuratore van die Teologiese Skool goedgekeur is waarvolgens studente wat op ander plekke as by die Teologiese Skool studeer, eers deur die professore van die skool geëksamineer moet word voordat streeksinodes sulke voornemende predikante eksamineer. Die gevolg kan wees dat nie meer die kerke nie, maar die professore bepaal wie predikant mag word en wie nie.

In die afgelope paar jaar was daar verskeie inisiatiewe in die rigting van ander opleidings. Die laaste inisiatief waaraan die Vrye Gereformeerde Kerke ook deelgeneem het, het laat verlede jaar gesneuwel.

Dat daar verskeie professore is wat in 'n sekere rigting dink en dinge wil stuur, het ook geblyk uit 'n voorstel wat eers aan die begin van die sinode op die tafel gekom het, naamlik om bande met die NG Kerk nouer aan te haal. Daar was baie beswaar oor die manier waarop die voorstel op tafel gekom het. Die sinode het in kommissie gegaan en die voorstel verwerp, ondanks pogings van die professore om die afgevaardigdes tot ander insigte te bring.
Hoe van hulle dink (prof D du Plooy en K Coetzee by name), het geblyk toe een van hulle daaroor in die openbaar standpunt ingeneem het (*Beeld*, 20 Januarie), waarby toe 'n aantal kerke aansluit (*Beeld*, 25 Januarie).

In die lig van die steeds voortdurende daling in die getal lidmate van die GKSA, veral van dooplidmate, is besluit dat na 'n omkeerstrategie gesoek moet word. Hierdie term is natuurlik 'n moderne en wêreldse term. Soos een kommentator opgemerk het: "'n Omkeerstrategie is nie nodig nie, maar bekering!" 'n Mens kan byvoeg: die enigste strategie, missie en visie wat die Here gee, is sy Woord. Ons moet gehoorsaam wees en die roeping en geleenthede wat Hy gee, uitleef.

Riglyne vir liedere

Die sinode het twee bladsye se riglyne vir liedere wat in die kerk gesing mag word, goedgekeur. Dit is algemene riglyne soos ten opsigte van liturgiese bruikbaarheid, letterkundige en musikale gehalte en toepaslikheid.

- Spesifieke liedere het spesifieke riglyne. In die geval van Psalms en Skrifberymings moet die beryming Skrifgetrou wees en die aard van die Skrifgedeelte weerspieël. Liedere uit die Nuwe Testament moet die verskillende Godsname sover as moontlik behou.
- Belydenisliedere moet op die Godsopenbaring en die belydenis daarvan as 'n Skrifwaarheid (dogma) berus.
- Skrifgetroue liedere moet die Bybelse inhoud suiwer en korrek weergee volgens die kerklike belydenis en die Bybel se openbaringshistoriese lyne, 'n antwoord op God se openbaring. En waar ter sprake moet dit duidelik wees dat die Ou en die Nuwe Testament gelyklik die Woord van God is. Daar is wel onderskeid, maar ook 'n eenheid vanuit die vervulling in Christus.

(Samevatting van bl 242 – 244 van die agenda van die sinode)

Evolusionisme

'n Ander saak is die kwessie van evolusie. Hierdie saak kom elke keer op sinodes ter sprake sonder dat uitsluitsel gegee word. 'n Mens wonder ook of 'n sinode die plek daarvoor is. Is dit 'n kerklike saak? Aan die een kant wel, want evolusionisme word deur baie mense – veral die sogenaamde wetenskaplikes en ongelowiges – gesien as die alternatief vir

geloof. Aan die ander kant is dit ook 'n wetenskaplike kwessie waar sinodes nie oor genoeg deskundigheid beskik nie.

Die vorige sinode het 'n studiegroep onder leiding van professor Pieter Stoker aangestel en hulle het hul studie aan die sinode voorgelê. Die gevolgtrekking van die studiestuk is dat Genesis letterlik histories is. Maar dit beteken nie dat wetenskaplike waarnemings verwerp moet word nie. In die geval van botsings tussen geloof en wetenskap moet die gelowige egter kinderlik bely dat hy tans nie die kennis het om dit te verklaar nie.
Die studiegroep het daarmee sy werk voltooi en die sinode het dit aanvaar en met 'n groot meerderheid sy dank daaroor uitgespreek. Dit is nie bespreek nie en die presiese inhoud is vir die outeurs se eie verantwoordelikheid gelaat.

'n Ander saak waarteen op sinode na sinode beswaar gemaak word, is die GKSA se aanvaarding van die Nuwe (1983) Afrikaans Bybelvertaling. Ook nou was daar weer 'n lywige beswaarskrif. Dit is duidelik dat die kerke nou nie verder oor hierdie saak wil handel nie; die beswaarskrif is onontvanklik verklaar. Uit en gedaan.

AROS
Die sinode het met dank kennis geneem van die Christelike Onderwysdeputate se verslag oor AROS. Dit het nogal 'n bespreking afgegee, nie oor die meriete van AROS se vordering nie - daaroor was almal dankbaar - maar oor die vraag of die Potchefstroom-kampus van Noordwes-Universiteit ook vir sy Christelikheid bedank moet word. Sommige afvaardig-des is blykbaar steeds onder die indruk dat Potch steeds soos in die verlede Christelik is.

Ten slotte enkele opmerkings oor ekumeniese betrekkings:

- Deputate het oor jare regtig hard probeer om samesprekings met die (swart) streeksinode Soutpansberg ('n deel van die sogenaamde Venda-kerke) te voer om vas te stel wat hul probleme met die GKSA presies is en om met hulle daaroor te praat. Maar hulle kon dit weer, soos soveel kere in die verlede, nie regkry nie. Die sinode het nou besluit om die bande wat eintlik al lankal nie meer bestaan nie, formeel te breek.
- Talle buitelandse afgevaardigdes het die sinode gewaarsku om nie die vrou in die amp toe te staan nie. Behalwe dat dit in talle kerke oorsee steeds 'n twispunt is, het afgevaardigdes dit ook op Skriftuurlike gronde afgewys.

Slotsom
Dit is moeilik om 'n algemene gevolgtrekking van die sinode te maak. Het dit die kerke nader aan Gods Woord en ook aan mekaar gebring? Of het die kerke verder uitmekaar beweeg?
'n Baie belangrike pluspunt is dat die kerke eerlik en openlik saamgestem het dat daar diepliggende verskille is wat aangespreek moet word.
Moeilike besluite hieroor is uitgestel, maar 'n mens kan nie stel dat valse leer geyk is nie. Daarmee bly die GKSA wel 'n verdeelde en in verskeie opsigte 'n dwalende kerkverband, maar daar is sekerlik ook baie gehoorsame kerke.

Rob van der Kooy *is lid van die Gereformeerde Kerk, Die Kandelaar in Pretoria.*

TAAL en KULTUUR in die KERK

Samelewing & Politiek

'n Maand of wat gelede het die Sendingkommissie van Pretoria voorligting aangebied in alle gemeentes van die VGKSA, met die gevolg dat kerkrade ernstig moes besin oor die gebruik van Engels in die eredienste. Daar is lidmate wat nie Engels magtig is nie. Dit bring 'n mens by die vraag of kerkeenheid oor kulture, nasies en volke heen kan en moet strek?
Kan daar werklike geloofseenheid tussen verskillende kulture wees? Moet ek my volkskultuur en taal inboet ter wille van Christus en sy kerk?

In die Ou Testament het Abraham se nageslag die volk van God uitgemaak. God het 'n eie volk gekies en hierdie volk "omhein" as die nageslag van Abraham met wie Hy 'n verbond gesluit het. Hierdie volk, Israel, was nie 'n volstrek etniese volk nie. Vreemdelinge kon deel word van die volk, hoewel hulle altyd in die minderheid was. Daar is talle tekste wat verwys na die vreemdelinge en hoe hulle deel uitgemaak het van die volk Israel.

Die "volk" van God in die Nuwe Testament is egter sonder "omheining". Die enigste voorwaarde of eis om deel van God se volk te wees (maar wat ook 'n genadegawe is), is geloof in Jesus Christus. Herkoms (nageslag), taal, kultuur of stand mag geen beperkende faktore wees vir iemand wat deel wil wees van die kerk van Christus nie. Maar hierdie elemente kan wel 'n groot impak hê op hoe die geloof beleef en uitgeleef word deur lidmate van die kerk van Christus.

Ons kan onsself afvra of God in hierdie nuwe bedeling nog steeds 'n **volk** oproep om Hom te dien. Of roep hy **mense** van verskillende volke, tale en nasies op om Hom te dien? Dit is so dat alle **mense** God moet erken, en ook dat alle **volke en nasies** Hom moet erken as die Eienaar van die wêreld. Maar gee God om een of ander rede voorkeur aan 'n bevolkingsgroep bo 'n ander groep?
Vanuit die die Nuwe Testament kan ons nie aflei dat ('n) spesiale volk(e) opgeroep word om God te dien nie. Die fokus lê op: *"maak **dissipels** van al die nasies"* (Matt 28:16). Ook in Openbaring 7:9 val die klem op die mense **uit** alle nasies, stamme en volke: "*Na hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam*,"
Tog is daar steeds dié wat die ideaal nastreef om kerk en volk een te maak. Elemente van volk wees, soos taal en kultuur, word so belangrik geag dat dit kerklidmaatskap en die geloofslewe van Christene beïnvloed.

Die Bybel leer ons egter anders. Kultuurveranderings en taal is ondergeskikte elemente. Die Nuwe Testamentiese bekeerde Jood moes sy Joodse geloof verwerp en die Christen-lewe ten volle aanneem. Dit het 'n groot impak gehad. Seuns is nie meer besny nie, eredienste is nie meer op die Sabbat (Saterdag) gehou nie maar op die Sondag (eerste dag van die week), die mosaïese wette en feeste was nie meer nodig nie. Christene kan nou alles eet, met nie-Joodse Christene (heidene) sosiaal verkeer, en Grieks (wêreldtaal) is meer as Hebreeus en Aramees in die gemeentes gebruik. Jerusalem en die tempel was nie meer die enigste plek van aanbidding nie. Onderlinge byeenkomste is gehou. Die heidense regerings is aanvaar en gerespekteer en daar is vir hulle gebid omdat hulle deur God oor elkeen aangestel is. Ja, die verlange na 'n aardse Israel het plek gemaak vir 'n verlange na die jongste dag.

Kortom, dit was 'n enorme aanpassing en verandering, so te sê elke aspek van hulle lewe en gewoontes moes verander, omdat hulle nie meer die Joodse tradisies, gebaseer op die ou Joodse geloof, kon naleef nie. Christen-wees is om Christus te wil volg. Dit spreek vanself dat hierdie ommekeer tyd geneem het en dat daar probleme was om Joodse gebruike, soos die eet van sekere vleis en die besnydenis, eerder op die Christene af te dwing as om dit self te laat vaar.

Daar was egter meer dinge wat Christene moes laat vaar. Buiten volk, kultuur en taal was daar ook nog ander verhoudings en verbande wat ondergeskik gestel is aan Christenskap. Mattheüs 19:29 : "En elkeen wat huise of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond ter wille van my Naam verlaat het, sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe beërwe". Dus ook huwelik, gesin en familiebande.

Geloofskeuse het daarom 'n groot impak op die Christen. Geloofskeuse vra vir 'n soeke na geloofseenheid, sodat Christene vanuit alle dele van die samelewing saam hul Saligmaker kan eer en dien. Geloofseenheid vra vir kerkeenheid wat op die ware geloof in Jesus Christus gebaseer is.

Om mekaar as gelowiges by te staan in ons diens aan die Here, is so belangrik dat elemente van hierdie lewe, soos kultuur en taal, geen skeiding mag bring nie. Ons naaste is nie alleen hulle wat dieselfde taal praat en dieselfde kultuur het nie.

Aan die ander kant beteken dit ook nie dat ons een taal vir 'n kerkverband moet hê en geen verskeidenheid van kulture kan hê nie. Maar as daar gevra word om **uitvoering te gee aan kerkeenheid**, moet ons **bereid wees om te help**, al vereis dit die gebruik van 'n ander taal as ons huistaal, en om te dien in 'n ander kultuur as net ons eie. Dit gaan ten eerste nie oor ons taal en kultuur nie, maar oor God se taal (Woord) en kultuur (werke).

Harry Pouwels *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.*

Hoe LIEF het ek U WET

Leer & Lewe

Gebod op gebod?
Die woord *wet* soos dit in die Bybel gebruik word, word soms opgevat in die sin van 'n hedendaagse wetboek wat in verskillende artikels onderverdeel word. Nie een daarvan mag oortree word nie, anders dreig daar straf. Is die wet van die HERE ook sodanig?
Ja, die Fariseërs het dit moontlik op hierdie manier verstaan. Hulle het gereken soos mense wat vir elke oortreding 'n vaste tarief gehad het. Die straf is dan eweredig aan die aantal oortredings.

Die HERE eis inderdaad gehoorsaamheid aan sy gebooie. Maar die apostel Johannes sê: Sy gebooie is nie swaar nie (1 Joh 5: 3). Want hierdie gebooie is gegrond in die liefde van God wat wederliefde vra.

Ja, in die Skrif word gepraat oor gebod op gebod. Maar dit was die leiers van die afvallige Verbondsvolk wat, in hul dronkmanstoestand, Jesaja dit voor die voete gegooi het. Jy kan dit lees in Jesaja 28. Die profeet word daarvan verwyt dat sy prediking dit as inhoud sou hê. Maar die antwoord lui: Daar sal sekerlik so 'n toestand aanbreek, maar dan is dit juis die vyand wat die oorsaak daarvan sal wees. En by die vyand wat die volk sal wegvoer, sal van liefde geen sprake wees nie.

Wet: onderwysing, getuienis, bevele, verordeninge, gebooie, die Woord, belofte

Die Hebreeuse woord *tora* beteken iets soos lewensleiding. Jahwe self lei sy volk en dra hulle deur die woestyn soos 'n man sy seun dra (Deut 1: 31). En Hy lei sy kinders verder – Hy dra ons deur die lewe.

In 'n vorige artikel het ons geskryf die Skrif is een en die Verbond is een. Want dit is dieselfde God, hoewel daar wel verskillende bedelings is. Daarom kan ons ook nou getroos en veilig wees. Ons het so te sê saam met Israel deur die Rooi See getrek en in die beloofde land ingegaan.

Nie in een woord nie
Dit is opmerklik dat, as die digter van Psalm 119 die grootheid van die wet besing, hy meer as een woord daarvoor gebruik. Daar is 'n aantal verskillende uitdrukkings wat reeds in die eerste sestien verse voorkom, en wat die heerlikheid van die wet aanwys.

In vers 1 besig die digter die woord *wet* wat dwarsdeur die psalm gebruik word. Hierdie woord beteken onderwysing of bestuur. 'n Onderwysing wat die HERE self aan sy volk geopenbaar het. Dit kan betrekking hê op 'n enkele gebod, op die totaal van die wetgewing, maar ook op die verdere openbaring van God in die Ou Testament. So word die woord bv. gebruik in Johannes 15: 25 en 1 Korinthiërs 14: 24.

Vervolgens noem vers 2 die woord *getuienisse*. Dit is opmerklik hoe baie kere hierdie woord deur die psalmis genoem word. Dit plaas ons onmiddellik op die spoor van die ark waarin die wet bewaar is.
Die ark van die Verbond. 'n Getuie kan optree ten gunste of ten ongunste van 'n sekere persoon. God self was en is die geloofwaardige en getroue Getuie wat optree ten gunste van sy volk, maar wat dit ook kan aankla. Vir die digter is dit egter 'n pragtige woord. In vs. 24 sê hy: "U getuienisse is my verlustiging, my raadsmanne". In die seënbede uit Openbaring 1 word Jesus Christus die getroue getuie genoem. In Hom het die beloftes van God tot openbaring gekom.

In vs. 4 word gepraat oor *bevele.* Dit bring ons op die gebied van 'n persoon wat daarvoor verantwoordelik is om te let op sekere situasies en om dan leiding te gee, bv. 'n skaapwagter. Die herders is die bewakers van die kudde. Die skape moet in groen weivelde gelei word, maar daar moet ook gewaarsku word. In Jeremia 23: 2 word die herders juis verwyt dat hulle nie goed opgepas het nie. Die bevele is verwaarloos.

In die vierde plek kan gewys word op die woord *verordeninge* of *insettinge* (vs 5, 12, 13). Dit dui op die bindende krag van die woord. Daardie woord kom tot ons in die kleed van die Skrifte. Maar dit kry ekstra krag as daar vermeld word dat dit ingeskryf is op die tafels van die hart.

Hierdie woord kan ook gebruik word in die sin van regspraak, as beslissing van 'n alwyse regter wat uitspraak lewer in verskillende menslike situasies. So word die woord gebruik in Exodus 21: 1 en Deuteronomium 17: 9. Die woorde wat die HERE tot sy volk gespreek het, geld daarby as die norm.

In vers 10 besig die digter die woord *gebooie.* (Dit in die vyfde plek). Dit klink vir ons baie bekend. Ons praat gewoonlik oor "die tien gebooie" as ons verwys na die wetgewing soos ons dit vind in Exodus 20 en Deuteronomium 5. In die Bybel word hierdie gedeeltes dikwels net as die tien woorde aangedui. In elke geval wys die woord *gebod* op die deurgaande outoriteit van wat gesê is. Nie net om aan te dui dat die krag daar is om dit af te dwing nie, maar veral op die reg om te gebied en af te dwing.

Ten sesde: *Woord* (vs. 16) Dit is die algemeenste term en omvat die hele waarheid omtrent God, in enige vorm, of dit nou vryspraak of veroordeling betref. En dit is nog meer. Die Woord (Hebreeus *dabar)* is dít wat van iemand uitgaan en waardeur hy hom laat ken. Daarom kan *dabar* soms ook met daad vertaal word. Ook deur dade kan jy 'n persoon ken.

Dit alles geld veral en in volstrekte sin van die HERE. Hy laat Hom op hierdie manier ken en Hy laat Hom so geld. Dit geld in 'n nog sterker mate in die Nuwe Testament: "Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun".

Ten slotte die woord *belofte*. Hierdie term hang baie nou saam met die laasgenoemde woord en word ook as sodanig vertaal (bv. vs. 11). Die Woord van God is deurgaans beloftewoord. Oor hierdie woord wil ons vervolgens nog iets meer sê.

Belofte-woord

Die Dordtse Leerreëls sê in hoofstuk 2, art. 5: "Verder is dit die belofte van die evangelie dat elkeen wat in die gekruisigde Christus glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. Hierdie belofte moet aan alle volke en mense aan wie God na sy welbehae die evangelie stuur, sonder enige onderskeid verkondig en bekend gestel word, met die eis (!) tot bekering en geloof".

As ons praat oor 'n belofte, dink ons aan iets wat verbind is met 'n toekomstige gebeurtenis. In die 16de eeu is hierdie woord egter op 'n ander manier verstaan. Toe het dit gedui op die spreek van God in die *hede* – sy toe- of aansprake, sy genade-verkondiging. Daarom is daar ook so 'n noue verbinding met die prediking. Daarin word God se heil en verlossing verkondig. Soos 2 Korinthiërs 5: 18 dit verwoord: "En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het".

Ons praat ook tans nog wel van die *belofte-karakter* van die heil. Daarmee word bedoel dat die heil van God via die prediking, die spreek van God, tot ons kom. Ons kan tereg praat oor 'n begrippe-paar soos belofte en vervulling. Maar ons moet nie vergeet nie dat dit in die eerste plek gaan om die belofte en die antwoord wat ons daarop moet gee. Naamlik dat die belofte in geloof aanvaar word. Want om te glo beteken om te luister na die Woord wat God tot ons spreek en om daardie Woord betroubaar te ag. "Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes" (art. 22 NGB).

As daar op hierdie manier na die belofte gekyk word, het dit groot invloed op ons lewe. As die Woord van die evangelie tot ons kom, weet ons: dit is die belangrikste in ons lewe. God spreek tot ons en ons moet dit in geloof omhels.

Hoe lief het ek u wet

Dit is ook die manier waarop die digter van Psalm 119 met die term *wet* omgaan. Dit is nie net 'n raamwerk van artikels waarby 'n mens moet hou nie, maar dit is die kragtige spreek van God waardeur jy die lewe ontvang. Die psalmdigter sê dan ook in vs 144: "U getuienisse is geregtigheid tot in ewigheid; maak my verstandig dat ek kan lewe".

Op hierdie manier is daar uiteraard geen sprake van 'n teenstelling tussen wet en evangelie nie. Of nog erger, tussen die Ou en die Nuwe Testament nie. 'n Mens kan op 'n verkeerde manier na die "wet" kyk. In die begin van hierdie artikel is reeds daarop gewys. As ons egter in geloof die Here Jesus Christus en al sy skatte en gawes omhels, sal ons ons met liefde in die wet van die HERE verlustig, soos dit in die Skrifte aangewys word.

Met dank aan ds Gerard Meijer wat my op hierdie spoor gesit het. Kyk verder ook na:
Derek Kidner – ***Psalms 73-150*** (in *Tyndale Old Testament Commentaries*)

Klaas Bijzet *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.*

VERSOENING tussen BYBEL en WETENSKAP

Geloof & Wetenskap

Teïstiese evolusie

Versoening tussen Bybel en wetenskap – waar die wetenskap as totaal gesaghebbend aanvaar word oor die huidige verstaan van die aarde se ontstaan met alle prosesse en lewende wesens – wil hê dat alle uitsprake oor die natuur in die Bybel hiervolgens uitgelê moet word. Daar word verwag dat ons selfs "moet herbesin" oor die belydenisskrifte ten opsigte van die Bybelse uitsprake oor die natuur (Moraal en Reyneke in *Die Kerkblad*, Julie 2010).

Die gevoel ontstaan dat daar met die onderskeie denkrigtings, soos die teïstiese evolusie, 'n geforseerde verstaan van die Bybel afgedwing word.

Daar word gepoog om God se almag met ons begrip, wetenskap in die sin van kontemporêre natuurwetenskap, kultuur en taalwetenskap te verstaan. Kreasioniste doen dit deur te aanvaar dat baie verskynsels deur katastrofes ontstaan het, om sodoende by ons verstaan van die Bybelse chronologie te bly. Teïstiese evolusioniste doen dit deur die Bybel te verklaar volgens ons insigte en kennis oor die natuur. Is daar 'n manier om die Bybel te aanvaar en verder te gaan met wetenskaplike ondersoeke en ontdekkings?

Daar sal altyd spekulasie oor die ontstaan van alles wees – want ons was nie daar nie en God het dit nie aan ons geopenbaar nie! As ons net wil besef dat ons in die natuur ingekapsel is: God het die mens met 'n spesifieke opdrag geskep. Die mens kan nie buite sy opdrag beweeg nie; hy maak wel 'n gemors daarvan as gevolg van 'n poging om soos God te probeer wees! 'n Hond kan nie soos 'n kat rats bo-op 'n muur spring nie. Die hond sou graag die kat wou bykom, maar kan nie. Hierdie frustrasie vind ons ook dikwels by mense wat wil beweer dat daar nie 'n God is nie en dat "moeder aarde" maar toevallig ontstaan het. Ander wat wel wil "plek maak" vir God maar tog die geloof in evolusie wil handhaaf, doen dit deur te beweer dat God evolusie gebruik het om alles te laat ontstaan. Dit beteken egter dat ons die Bybel en ook die belydenisskrifte anders moet interpreteer. Daar word dan beweer dat die Bybel en die geloofsbelydenis beide in 'n sekere tyd met sy unieke omstandighede ontstaan het. As ons nie die omstandighede verstaan nie, kan ons die Bybel ook nie reg verstaan nie. Met hierdie benadering word die deur oopgemaak om die Bybel met buite-Bybelse wetenskaplike gegewens te verklaar. Die mens besluit en die mens hanteer die sleutel tot die verstaan van die Bybel!

Hoe moet ons die Bybel verstaan en wat is die verhouding tussen wetenskap en die Bybel? Word die sogenaamde konflik tussen Bybel en wetenskap veroorsaak deurdat ons die Bybel met die verkeerde sleutel probeer ontsluit? Die teïstiese evolusie gebruik die natuurwetenskap as sleutel. En dan kom die sprong: Genesis kan alleen verstaan word deur dit in sy kulturele- en tydsomstandighede te probeer verklaar. Daar is 'n kloof tussen ons en die mense vir wie die boek Genesis eintlik geskryf is. God het Hom aangepas by die ou-Oosterse mens en daarom is sy Woord gebonde aan die verstaan van daardie tydperk en taalvorm. Francis Collins in sy boek *The Language of God* stel dat veral Genesis nie so letterlik geneem moet word nie, omdat dit die karakter dra van 'n allegorie of verhaal en nie bedoel was om letterlik verstaan te word nie (Collins 2007:175). Hy haal Augustinus aan wat in sy Genesis-kommentaar skryf dat die Hebreeuse woord vir 'dag' ook in 'n simboliese betekenis gebruik kan word (Collins 2007:152). Zeger Wijnands, in sy boek *God of Darwin,* haal prof B Zuiddam van die Gereformeerde Teologiese Skool Potchefstroom aan wat beweer dat Augustinus hom vergis het, omdat hy nie Hebreeus goed onder die knie gehad het nie. Tog skryf Augustinus self dat die dae van Genesis uitermate moeilik is om te verstaan en dat daar waarskynlik heelwat verskillende verklarings kan

wees. BJ Oosterhoff in sy boek *Hoe lezen wij Genesis 2 en 3* stel dat ons hier te doen het met feite wat in simboliese taal aan ons meegedeel word (Oosterhoff 1972:193).

Waaroor gaan dit?

Collins wil graag, soos baie ander Christene, sy wetenskap met die Bybel versoen. Dit wat hy sien in die DNA-struktuur is volgens hom onomstootlike bewys dat die mens en die sjimpansee 'n gemeenskaplike voorouer moes gehad het. Let op na die oorgang van die wetenskaplike waarneming, dit wat nou gesien en beskryf word, na dit wat ons nie kan sien nie en waarvan ook geen bewys bestaan nie, naamlik die gemeenskaplike voorouer. Dit is dus 'n afleiding van wat ons tans sien om binne die streng raamwerk van die "evolusiegeloof" in te pas.

Waarom moet ons in evolusie glo? Waarom is dit die enigste verklaring oor die ontstaan van alles? Waarom word ons vasgehou aan een denkpatroon? Waarom is die ontstaan van alles so oorweldigend belangrik om sogenaamd te bewys? Om voortdurend evolusie te wil bewys ten koste van byna alles is nie wetenskap nie, maar geloof. Om na die gegewens te kyk en dan te verklaar dat dit evolusie bevestig, is om deur 'n evolusie-bril te kyk! Daar word selfs aktief gewerk en gestudeer om hierdie sogenaamde feite te bewys, 'n aktiwiteit wat baie energie en geld kos. Die vraag kan gevra word of dit ook 'n Christen-wetenskaplike se taak en doel is? Moet 'n Christen-wetenskaplike nie gaan ontdek en toepas sodat ontwikkeling binne die reformatoriese Bybelse raamwerk kan plaasvind nie? Christelike wetenskapsbeoefening het dus ook sy grense.

Om alles te verklaar as evolusie is om enige ander moontlikheid soos katastrofes te ignoreer. Meer belangrik, dit is selfs om te erken dat daar nog nie genoeg kennis bestaan nie en dat dit vir ons as mense totaal onmoontlik en selfs onnodig is om sekere dinge te probeer vasstel. Dit dra nie by tot ons taak en roeping nie, dit mis die doel, en is dus sonde! Die teïstiese evolusie bied geen uitkoms nie en is in wese vals omdat dit die Woord van God aantas en 'n basiese reformatoriese Skrifuitleg-beginsel verwerp. Buite-Bybelse gegewens, soos die natuurwetenskap, word die sleutel tot die verstaan van die Bybel. Geertsema skryf in 'n artikel in *Radix* ('n multi-dissiplinêre kwartaalblad met die titel: *Gods scheppend handelen en natuurwetenschap*) dat dit onbegryplik is dat God die natuurwette skep én die aanleiding tot die oerknal én dan 14 miljard jaar die natuurlike prosesse onderhou wat uiteindelik moet lei tot die ontstaan van die mens, terwyl Hy in sy openbaring aangee dat die skepping 6 dae geduur het. Ten tweede het die vervloeking wat God uitspreek in Genesis 3:14 betrekking op 'n groep mense en nie 'n primitiewe lewensvorm nie: om te werk in die sweet van jou aangesig, om met smart kinders te baar en dood te gaan.

Collins sien evolusie as 'n elegante meganisme, terwyl Geertsema sê dat dit dalk in die DNA-wêreld geld, maar beslis nie in die diereryk nie. Oorlewing van die sterkstes (*survival of the fittest*) klink beslis nie elegant nie, as evolusie geglo moet word. Die skepping in Genesis was baie goed en dit word telkens herhaal. Die totale skepping word egter in Romeine 8:18 e.v. beskryf as gebroke en wat wag op herstel. Van goed, dus volmaak en in volle en perfekte ekologiese balans, tot iets wat kreun en totale herstel nodig het. Indien die skepping nie goed was nie en as daar ook geen sondeval plaasgevind het nie, het God 'n wêreld geskep wat nie perfek was en na herstel verlang het nie. Dit weerspreek wat Genesis duidelik aan ons openbaar: God het 'n volmaakte skepping daargestel. Daar het egter iets dramaties verkeerd geloop – die sondeval.

Wetenskapsbeoefening

Die natuurwetenskaplike metode is basies God-loos – soos wat Geertsema sê: "Vanuit 'n wetenskaplike oogpunt, afgesien van God se onderhouding, val die appel op die grond. Vanuit 'n lewensbeskoulike oogpunt val die appel op die grond danksy God se onderhouding" (Geertsema, 2009:23). Hy bedoel hiermee dat die wetenskaplike metode deur almal gebruik word, maar dat dit nog nie kan bepaal hóé God geskep het nie. Die interpretasie van dit wat gesien of vasgestel word, is bloot interpretasie binne 'n sekere denkraamwerk en geen wetenskap nie, dis geloof!

Ons beperkinge

Geertsema kom met 'n oplossing wat my nogal aanspreek. Dit onderstreep duidelik ons beperkinge, en dit sit ons ook op ons plek as ons besef dat daar dinge is wat vir ons sondige verstand glad nie meer toeganklik is nie. Hy noem dit "ruimtetyd" en hy bespreek dit met verwysing na Van Loon wat hierdie visie ontwikkel het. God staan buite die tyd, Hy is die Skepper daarvan, en volgens die relatiwiteitsteorie van Einstein kan dit dus beteken dat God gelyktydig "ewige gelyktydigheid" geskep het wat ons nie kan verstaan nie. Ons is ingekapsel in die tyd en is tydgebonde. Die ander voorbeeld wat ons beperkinge mooi illustreer, kom uit 'n boek van Cees Dekker met die titel *Flatland, the romance of many dimensions*. Dit gaan oor 'Vierkant' wat op 'n stadium 'Bal' ontmoet. Vierkant, wat in 'n tweedimensionele ruimte leef, kan nie verstaan hoe

Bal, wat driedimensioneel is, inmekaar steek nie. Bal probeer verduidelik en tel Vierkant selfs op, sodat hy Bal van bo af kan sien. Vierkant begryp dit nog steeds nie, maar begin stadig maar seker insien dat daar dalk ook ander dimensies kan wees! Hoeveel dimensies is daar nog wat ons nie kan sien of van weet nie? Ons kan nie die engele sien nie, tog bestaan hulle. Moes Christus nie die Emmaüsgangers se oë open sodat hulle kon sien nie? So is daar talle voorbeelde wat ons beperkinge om te kan verstaan en begryp, illustreer, soveel te meer met die sondeval, waar ons verstaan tot amper nul gereduseer is! Slegs deur die verligting van die Heilige Gees kan ons sekerlik iets insien – nie begryp nie – van die almag van God.

Gevolgtrekking

Ons moet ons beperkinge asook die doel en opdrag waarvoor ons hier op aarde is, deeglik besef. Dat God in sy almag die mens kom verlos het uit sy ellende en sonde, is 'n wonder wat alle menslike verstand te bowe gaan. As gelowiges moet ons ons besig hou met die wetenskap vanuit sy spesifieke openbaring. Ons moet ons nie laat verlei deur mense wat hulle laat inperk deur sekere Godlose teorieë dat moeder aarde deur die proses van evolusie die skepper van alle dinge is nie. Vanuit 'n reformatoriese, Bybelse lewens- en wêreldbeskouing het ons die taak om te ondersoek, te ontdek en toe te pas, om te bewerk, te bewaak en te bewaar (Genesis 2:15), en te benaam (Genesis 2:19). Die mens begin in 'n natuurlike omgewing, 'n volmaakte ekologiese sisteem, die tuin van Eden (die paradys), wat hy moet ontwikkel en (be)heers tot eer van God, sy Skepper (Genesis 1:28). Ons eindig in 'n volmaakte stad, die nuwe Jerusalem, in totale harmonie, in ekologiese balans, waarin ons weer in volmaaktheid ons Skepper kan dien soos wat Hy dit van die begin af wou gehad het!

Frank van der Kooy *het oor verskeie jare as gelowige wetenskaplike in natuurbewaring en later omgewingstudies gewerk. Deur gesprekke met ander wetenskaplikes het hy die sogenaamde konflik tussen geloof en wetenskap in verskeie vertakkinge van die wetenskap ervaar.*

"BUILDING STRONG LEADERS"

Sending & Evangelisasie

Tydens die VGK Pretoria-Maranata se sendingweek 2011 is ek aangewys om dié onderwerp te behandel.
Ek het wel 'n probleem daarmee gehad. Die hele sterk leier-konsep pas nie mooi by wat ons in die sending beoog nie. Hoe het Jesus gesê? "Julle moet julle nie 'leiers' laat noem nie, want een is julle Leier: die Christus." (Matt 23:10) Ons soek 'servant leaders' wat diensbaar wil wees soos Jesus dit was. Sulke leiers is sterk. (1 Sam 2:9)
My bydrae fokus op die opleiding van ouderlinge en diakens in die Tshwane-sendingwerk.

Three selves

Dit wil voorkom asof *geld* deesdae in die VGKSA se sendingwerk die belangrikste onderwerp van gesprek is. 'n Indaba is gehou en 'n ekstra sinode om daaroor te besin. Is ons sendingwerk volhoubaar? Kan ons kerkwerk finansieel oorleef?
Dit is seker belangrik. Maar *self-support* is net een aspek van selfstandigwording.

In die sendingwerk praat ons gewoonlik oor drie S-e.[i] Ons beoog die planting van:

1. Self-supporting churches

As ons 'n nuwe preekpunt begin, voorsien die *sending* 'n sendeling en 'n kerkgebou. Maar ons werk toe na 'n selfstandige gemeente wat sy eie predikant onderhou en wat eienaarskap neem vir die kerklike lewe. Kollektes en bydraes van die *lidmate* moet die kerk se werk dra.

2. Self-propagating churches
In die begin is die *sendeling* verantwoordelik vir alle aktiwiteite. Hy vergader die gemeente. Maar ons werk toe na 'n situasie waarin die *lidmate* hulle geestelike gawes gebruik. Dit is die nuwe gemeente wat vir Bybelstudie en gebedskring en evangelisasie verantwoordelik moet voel.

3. Self-governing churches
Aanvanklik besluit die *sendeling* wie gedoop mag word. Hy laat toe tot die nagmaal en – indien nodig – hy weerhou lidmate daarvan deur die kerklike tug. Maar ons werk daaraan dat die *gemeente* ouderlinge kan verkies wat nou amptelik 'opsig en tug' uitoefen.

Opleiding van ouderlinge

Dit is met die oog op die derde S dat ons in die sendinggemeente *vanaf die begin* probeer om mans by die werk te betrek. Voor instituering werk ons reeds met 'voorlopige kerkrade' en gebruik ons die gawes wat God gee.
Dit is 'n onmisbare onderdeel van gemeentebou, op grond van Handelinge 14 vers 23:

> *In elke gemeente het hulle ouderlinge gekies. Nadat die gemeente gebid en gevas het, het die apostels hulle opgedra aan die Here, in wie hulle nou geglo het.*

Waar daar *te min mans* is, is dit moeilik om tot instituering te kom. [ii] Amper alle sendingpunte sukkel daarmee.
As daar min manslidmate is, is die verleiding groot om dié wat daar is, te gou as leiers van die gemeente in te span. Nie alle beskikbare broers is egter *geskik* om as voorgangers te dien nie. Op grond van 1 Timoteus 3 en Titus 1 kyk ons krities na hulle gawes.

Diakens en diakonesse

Ek het tot nou toe steeds oor die ouderlinge gepraat. Maar wat van diakens?
Die Nuwe Testament gee nie 'n bloudruk vir die kerklike lewe nie. Wat duidelik is, is dat die apostels in elke gemeente *ouderlinge* gekies het (Hand 14:23) en dat daar *diakens* was wat in die kerk gedien het (Fil 1:1). Maar wat het dit behels?
Die Nuwe Testament noem dat God gawes gee op die terreine van *Woord en daad* (1 Petr 4:10-11). Die ouderlinge het gefokus op die eerste. Die dade van liefde is behartig deur 'n ryk verskeidenheid aan diakens.
Interessant is dat juis op die laaste gebied die susters van die gemeente ingeskakel is. Van die weduwees in Handelinge 6 en 9 tot en met dieselfde kategorie in 1 Timoteus 5 sien ons dat die Here juis hulle gawes in die *ministry of mercy* gebruik.

Vandaar dat 1 Timoteus 3 in vers 11 ook die diakonesse met nadruk noem:

> *Net so moet vroue [iii] ook van goeie karakter wees, nie skinder nie, nugter en in alles betroubaar.*

Ongelukkig het die diakonesse hoofsaaklik onder die druk van kerklike diskussies oor *'die vrou in die amp'* na die agtergrond verdwyn. Sou dit nie goed wees as ons probeer om onsself daarvan los te maak en terug te keer na wat die Nuwe Testament ons leer nie? Die Bybel ken nie iets soos *'die* amp' nie. Dit vertel oor *verskeie* bedienings in die gemeente. Waarby alle lidmate betrokke is.
In die Tshwane-sendinggemeentes probeer ons dit so implementeer:

- Die praktiese liefdeswerk in die gemeente word deur die susters behartig. Hierdie *diakonesse* doen belangrike werk om die sendelinge te ondersteun.
- Mans en vroue werk saam in die *diakonie* wat dié bediening in die gemeente dra.
- Die manlike diakens werk in die *kerkraad* saam met die ouderlinge om leiding aan die gemeente te gee.

Op dié wyse probeer ons reg te doen aan die Bybelse gegewens sonder om ons los te maak van die gereformeerde kerkorde. 'n Probleem daarby is wel dat 'sterk vroue' in die praktyk die 'swak manne' oorvleuel. [iv]

Prakties

Terug na die ouderlinge. Hoe lei ons hulle op vir die toekomstige amp?

1. Ons bespreek met hulle basiese tekste uit die Bybel, asook uit die belydenisse en die kerkorde. Dikwels gebruik ons boeke soos John Stott, *The Living Church*. Vanaf 2012 is dié opleiding in Tshwane gesentraliseer. Elke maand word lesse aangebied deur een van die sendelinge.
2. Die broers gaan saam op huisbesoek. Ons betrek hulle by allerlei kerksake. Ook gee ons hulle 'n aandeel in die eredienste. Dit laat die eienaarskap groei.
3. Ons neem hulle saam na klassisvergaderings, mannekonferensies en ander interessante aktiwiteite.

Dit kos jou as sendeling baie tyd. Dikwels is dit makliker en vinniger om dinge self te doen. Maar die

Here wil die *gemeente* bou. Daarom moet ons die beskikbare gawes gebruik.
Dit vra meer as net tyd. Dit vra om *vertroue*. Christus wat sy gemeente bou, voorsien ook die gawes wat daarvoor nodig is. Dalk doen hulle dinge stadiger en heelwat anders as wat jy dit sou doen. Maar dit gaan nie om jou nie. Dit is die heilige Gees wat Christus se kerk bou!

Ds Tjeerd de Boer *is sendeling in Soshanguve.*

---

[i] VGK Maranata se *Beleid vir Instituering* (2003): "Faktore waarna gekyk behoort te word is:
1) die getal lidmate: is hulle blywende lidmate?
2) die maatskaplike welstand: kan hulle verantwoordelikheid neem vir die instandhouding van die gemeente?
3) die mankrag: is die vooruitsigte vir die vervulling van die ampte positief?"

[ii] Die genoemde Beleid noem "dat daar genoeg ouderlinge moet wees om 'n kerkraad te kan beman. Die minimum getal ouderlinge wat nodig is vir die instelling van die ampte is drie (*tres faciunt collegium* – drie vorm 'n vergadering). Indien nodig, kan een van die drie die diakonale sorg behartig."
[iii] Dié vers word nogal verskillend vertaal en verklaar: "their wives" (NIV) of "vrouwen met deze taak" (GNB)?

[iv] Uit die *Diakonale Beleidsplan* vir die sending in Tshwane (2009-2010) hoofstuk 1.8:
"From the start of a church, you often see women play an important role in the ministry of mercy. They have an antenna for the needs in families, they are familiar with running the household and they often have more time available. We also thankfully recognize that they have gifts that are important for the church. The women and their gifts should not be ignored, but rather be used as gifts of the Lord.
Tension can develop between deacons and women involved with diaconal work. Three things should be done to prevent this:

1. From the start, both men and women should be involved in this task. The missionary should not only ask the women to help him, but also identify fathers with gifts to serve as 'deacons' although they cannot be ordained as deacons yet .
2. The missionary is responsible to govern the diaconal work performed by the men and women in the mission congregations. It should be made clear to all involved that, according to our Church Order, the diaconal governance function is an office bearer's task only for men in the church. Care should be taken not to create expectations for the women in the church.
3. 'Deacons' should involve and appreciate the women as gifts of God and regard them as co-workers in the ministry of mercy, not as competitors."

KERKE in die SPERVUUR

Onderhoude & Verslae

Op 16 Januarie 2012 het lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke van Pretoria, Johannesburg en Bethal 'n gesamentlik gemeentevergadering bygewoon. Voorwaar 'n voorreg om as verskillende gemeentes so saam te kom. Wat die vergadering ook uniek gemaak het, is dat dit belê is deur die deputate BBK (Betrekkinge Buitelandse Kerke) van Suid-Afrika en BBK Nederland.
Di Jan-Mathijs van Leeuwen en Eric de Boer van die susterkerke Gereformeerd Vrijgemaakt in Nederland (GKv) was afgevaardig om die sinode van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA) in Januarie 2012 by te woon. Hulle het die geleentheid benut om saam met die deputate BBK van die Vrye Gereformeerde Kerke in SA (VGKSA) te vergader. In aansluiting hierop is 'n gemeentevergadering belê om lidmate die geleentheid te gee om vrae te vra oor die situasie en ontwikkelings in die Gereformeerde Kerke Vrijgemaakt in Nederland. Groot kommer heers oor die veranderings in die liturgie asook die koersverandering wat waargeneem word by die Teologiese Universiteit in Kampen. Dit was goed om menings hieroor te wissel en so 'n beter insig vanuit Suid-Afrika op die kerklike toestande in Nederland te kry.

Vanuit Efesiërs 2:1-10 en 6:1-6 (Skriflesing vir die aand) weet ons dat Christus die Hoof van sy kerk is. Hy vergader sy kerk wêreldwyd. Dit is uit genade dat die gelowiges, oor landsgrense heen, een in die geloof in Jesus Christus kan wees. Dat ons so mekaar kan ondersteun en oproep om volgens sy Woord ware kerk van Christus te wees. Saam een geloof te mag bely.
Br Roose van die BBK (VGKSA) gee 'n kort opsomming oor vrae en gedagtes wat leef oor die veranderings wat in Nederland plaasvind. Eenvormigheid in die erediens (in SA en Ndl) het plek gemaak vir nuwe

insigte en vorme in verskillende gemeentes. Hierdie tendens word ook in die GKSA waargeneem en het tot onrus gely. Onrus wat daartoe bygedra het dat individue, maar ook groepe en gemeentes, die bestaande kerkverband verlaat of hulself as dolerend afskei. Verder wil die BBK (SA) ook hulle kommer uitspreek oor die teologiese koersveranderinge wat in die kerke in Nederland waargeneem word. Br Roose noem enkele sake: die posisie van die vrou ten opsigte van die kerklike ampte; die beskerming van die Gereformeerde leer by die Teologiese Skool in Kampen; kerklike eenheid – kontakte met die Nederlands Gereformeerde Kerke; nuwe kerkorde (werkorde); besluitnemingsprosesse binne die Gereformeerde Kerke Vrijgemaakt. As Gereformeerdes mag ons glo dat ons 'n taak teenoor mekaar het. Ons is saam deel van die EEN kerk van Christus. Die bemoeienis met mekaar het egter ook sy beperkings, maar ondergeskikte punte oor kerkorde en praktyk kan 'n stadium bereik waar dit die ware diens aan God in die gedrang bring. Dan moet daar besin en onderling gewaarsku word. Sulke besinnings en besprekings moet diensbaar wees tot eenheid en gegrond wees op die ware Woord van God en tot sy eer geskied.

Ds Van Leeuwen dui aan dat daar wel deeglik rede tot kommer is in verband met die agteruitgang van die Christendom in Nederland. Eens het Nederland bekend gestaan as 'n Christelike en selfs Gereformeerde land, nou word beraam dat ongeveer 10% van die Nederlandse bevolking nog kerk toe gaan. Hierdie tendens gaan die Gereformeerde Kerke Vrijgemaakt nie verby nie. Tog is hy van mening dat sommige kritiek en kommer ongegrond en oordrewe is. Hy skets die ontwikkelings as volg: lidmate, maar veral ook jongmense, het 'n verlange na die Woord van God. Hulle wil ook graag diensbaar wees in die kerk op die gebied van sending en evangelisasie. Dus 'n groter missionêre betrokkenheid. In dié proses kom hulle in aanraking met ander geloofsgroepe en kerke. Vrae ontstaan en alles word nie meer as vanselfsprekend aanvaar nie. Op sigself 'n goeie ontwikkeling, maar die vanselfsprekende binding aan kerk en belydenis kom wel in die gedrang. Is dit alles tradisie, is dit alles wel waar? Die oplossing hiervoor is dat die BYBEL weer moet OOPGAAN.

Ook die sekularisasie wêreldwyd gaan die kerke nie verby nie. Die menslike gevoel en ervaring neem 'n groter plek in as die verlede. Dit lei tot liturgiese veranderings en eksperimente in die erediens. Die tradisionele orrel maak plek vir ander instrumente (sien Ps 150 – basuingeklank, harp, siter, koordanse, tamboeryn, snarespel, fluit, alles wat asem het). Plek word ingeruim vir die kinders tydens die erediens. 'n Groter betrokkenheid van die hele gemeente tydens die diens. Ons proe daarin die verlange na die Woord van God.

Kan ons waarneem dat daar 'n verskuiwing plaasvind van die hoor van God se Woord op Sondag en daarby die belewing (van die geloof) in die daaglikse lewe op die ander dae van die week, na 'n oordrewe geloofsbelewing gefokus op Sondae en spesiale geleenthede? (luisteraar)

In die VGKSA is teologiese diskussies beperk, gesien die gebrek aan 'n eie teologiese opleiding. Dr Eric de Boer (van die Teologiese Universiteit in Kampen) skets die ontwikkeling van die teologiese opleiding in Kampen: van 'n teologiese skool na 'n teologiese universiteit. Hierdie ontwikkeling gaan nie sonder moeites nie. Kampen het 'n indrukwekkende geskiedenis. Manne soos Bavinck, Schilder, Kamphuis, Van Bruggen en Douma het groot skatte nagelaat. Die nuwe generasie moet hierdie tradisie oordra in 'n nuwe tyd. 'n Nuwe tyd waar wetenskaplike begronding vereis word. In die ontwikkeling van 'n teologiese skool na 'n teologiese universiteit kry die owerheid ook meer inspraak en word vereistes gestel. Proefskrifte moet aan wetenskaplike vereistes voldoen. Teoloë word sodoende gedwing om meer te studeer en na te dink. Vrae oor veral die Ou Testament is wêreldwyd aan die toeneem. "Gee die manier van geskiedskrywing die gebeure werklik weer soos dit gebeur het?" Vrae oor die Nuwe Testament draai veral om die posisie van die vrou in die erediens en in die maatskappy. Dit is die taak van teoloë om met hierdie vrae besig te wees en antwoorde vanuit die Woord te gee, maar terselfdertyd ook wetenskaplike begronding te gee. "Het die son in Josua se tyd werklik stilgestaan? Was dit 'n kosmiese wonder of het die HERE alleen maar gesorg dat die veldslag in een dag afgehandel kon word?" (Proefskrif Dr Van Bekkum) Die teologiese universiteit in Kampen moet in proefskrifte hiervoor ruimte gee, maar sal 'n ondersoek afwys wanneer dit teen die Gereformeerde belydenis ingaan.

Die vraag is of die kerke met hierdie wetenskaplike benadering gedien word? Gee dit versterking van geloof of saai dit onrus? Is dit tot eer van God? (luisteraar)
Ander vrae en punte wat tydens die vergadering kortliks aandag gekry het, is die volgende:

- Sommige kerkrade in Nederland het die ondertekeningsformulier vir ampsdraers afgeskaf. Is dit op meerdere vergaderings bespreek?

Antwoord: Die ondertekeningsformulier vir ampsdraers is steeds van krag.

- Die amp van vrou:
  In die Nederlands Gereformeerde Kerke word die vrou in die amp van diaken en nou ook in die amp van ouderling en predikant toegelaat. Dit is die gevolg van 'n nuwe benadering tot die uitleg van die Bybel. Die sinode Harderwijk van die Gereformeerde Kerke Vrijgemaakt het opdrag gegee om hierdie saak te ondersoek en vanuit die Skrif antwoorde te vind. Die verslag behoort binne drie jaar voltooi te wees.
- Nuwe kerkorde:
  Daar word gewerk aan 'n modernisering van die kerkorde. In die proses word daar gepraat van 'n 'werkorde', maar uiteindelik sal dit die Dordtse Kerkorde naspreek en weer bekend staan as die Kerkorde.
- Kanselruil tussen die GKSA en die GKv Nederland is moontlik omdat daar 'n susterkerkrelasie tussen beide kerk bestaan.
- Is daar tydens die afgelope sinode van die GKSA ooreenkomste in kerklike ontwikkelings waargeneem? Die veranderings / ontwikkelings is wêreldwyd. Sowel die GKSA as die GKv wil kerk wees in die wêreld van vandag – risiko's word geloop, maar die verlange is daar.
- Prediking:
  Die algemene tendens wek geen kommer nie. 'n Verblydende ontwikkeling is die stigting van 'n Christologiese werkgemeenskap vir predikante. Studie word gedoen om Christus steeds as middelpunt van die prediking te stel.
- Die Nuwe Nederlandse Bybelvertaling word met groot vrymoedigheid in die kerke in Nederland gebruik. Teoloë uit eie geledere soos prof Van Bruggen was reeds vanaf die begin by die nuwe vertaling betrokke.
- Homoseksuele gedrag:
  Die saamleef van homoseksuele lidmate word nie deur die GKv aanvaar nie. Sinodebesluite wys in die rigting van tugoefening oor sodanige lidmate. 'n Teologies-wetenskaplike studie word tans hieroor gedoen – moet ons Paulus se uitspraak hieroor, wat moontlik verstaan moet word in die konteks van die Romeinse permissiewe kultuur, steeds so bly verstaan?
- Tugbediening, byvoorbeeld oor ongetroude paartjies wat saamwoon:
  Die tug word steeds gehandhaaf, maar die praktiese uitwerking van die trappe van sensuur word min gesien, omdat lidmate hulle dan voortydig aan die kerk onttrek.
- Gepaste eerbied in die erediens:
  'n 'Band' in die erediens gee sommige mense hoofpyn :-), maar is nie noodwendig oneerbiedig nie. In Psalm 150 word nie noodwendig verwys na 'n orrel nie.
  Kinders wat kerse aansteek in die kerk tydens die adventsweke – ook Samuel het as kind hulpdienste in die tabernakel gedoen.
- Is die ampte oop vir geskeide mans?
  Nee, maar wanneer egskeiding buite die persoon se eie skuld plaasgevind het, mag dit voorkom dat die betrokke predikant of ouderling in die amp mag aanbly.
- Is hermeneutiek nodig? Die Bybel is tog duidelik?
  Ja, vir alles wat geglo moet word om gered te word, is die evangelie helder soos glas. Sommige Bybelgedeeltes is egter baie moeilik en studie binne 'n bepaalde tyd en kultuur is nodig (NGB art. 7).

Gesprekke op prinsipiële en teologiese vlak moet plaasvind. Kerke mag nie hulle eie gang gaan nie. Kerke moet in verbondenheid en dankbaarheid, saam met al die heiliges, kerk wees voor Christus Jesus (Efes 3).
Met 'n vraag oor hoe die afgevaardigdes van Nederland, vanuit hul perspektief, die VGKSA sien, is die volgende opgemerk: Die VGKSA wil 'n kerkverband wees in al sy veelkleurigheid. 'n Liefde vir die HERE, sy kerk en sy Woord is sigbaar. Daar is aansienlike verskille in die vorm van eredienste tussen die voorheen blanke gemeentes, die nuwe swart gemeentes en die sendinggemeentes. Bygeloof speel hierin ook 'n rol, soos bv. by begrafnisse en huwelike. Die kerke het mekaar nodig en met vrae oor die liturgie moet ons mekaar tot 'n hand en 'n voet wees.

Die afgevaardigdes roep die kerke in Suid-Afrika op om die kerke in Nederland, in hul worsteling om kerk van Christus te wees en te bly, in hulle gebede aan die HERE op te dra. Laat ons in ons besoeke aan Nederland objektief wees – 'vinnig om te luister, stadig om te praat'.

'n Luisteraar

GORDONSBAAI - HOOGGENOEG
3 slaapkamer vakansiehuis vir 4-5 persone
met uitsig op see en berge.
Vir verdere inligting en besprekings
kontak ons by:
www.hooggenoeg.co.za
jettysalomons@telkomsa.net
082 320 6577 of 021 856 0736
Piet en Jetty Salomons

VGKSA-sinode?

In Pers-pektief

Weer 'n sinode?
Die VGKSA hou normaalweg elke drie jaar 'n sinode. Die vorige sinode was in Julie 2011 (en daarvan is verslag gedoen in die *Kompas*-uitgawe van Augustus 2011). Hoekom dan binne 'n jaar alweer 'n sinode? Die sinode wat beplan is vir Maart 2012 is 'n spesiale, tussentydse of *ad hoc*- sinode. Die saak wat bespreek word en waaroor besluite geneem moet word, is die finansiële drakrag van die VGKSA as kerkverband en watter aktiwiteite kerkverbandelike prioriteit moet kry (ongetwyfeld sendingwerk). Van die agt selfstandige kerke in die kerkverband is vyf finansieel hulpbehoewend. Dit is nie volhoubaar saam met die ander huidige finansiële verpligtings nie. Hierdie *ad hoc*-sinode is voorberei deur 'n *indaba* wat op 18 en 19 November 2011 in Pretoria gehou is.

Die November 2011-*indaba* is, op voorstel van sendingdeputate, aangevra deur die sinode van 2011. Dit is gereël deur spesiale deputate en bygewoon deur 'n breë verteenwoordiging uit die kerklike lewe. Die sake wat 'n finansiële impak op die kerkverband het, is sendingwerk, teologiese opleiding, hulpbehoewende kerke en hulpbehoewende teologiese studente. By elk van hierdie kerklike aktiwiteite (deputaatskappe) word moeites met inkomste ondervind. Br Harry Byker het, met die oog op die *indaba*, 'n goeie oorsig gegee van die finansiële beperkings van ons kerkverband (in die *Kompas*-uitgawe van Oktober 2011). Ons hoef nou nie weer daaroor te skryf nie, maar daar is egter 'n paar ander aspekte wat wel goed is om oor te besin.

Beperkte mannekrag
Die VGKSA is 'n klein kerkverband van agt selfstandige kerke. In vergelyking met groter kerkverbande, waar elke sinode weer uit ander afgevaardigdes bestaan, is die afgevaardigdes na die VGKSA-sinodes tot 'n groot mate steeds dieselfde persone. Die afgevaardigdes is ses persone uit elk van die twee klassisse van vier kerke, waarvan volgens die kerkorde die helfte moet bestaan uit predikante en die helfte uit ouderlinge. Ander predikante en sendelinge uit die kerkverband kan genooi word as adviseurs van die sinode as hulle besondere toepaslike kundigheid het.

Al agt selfstandige kerke in die kerkverband het inmiddels hul eie predikant. Die klassisse bestaan, volgens die kerkorde, uit die predikant en 'n ouderling van elk van die kerke in die klassis. Uit die agt klassis-afgevaardigdes moet nou ses persone gekies word as afgevaardigdes na die sinode (wat dan, in die huidige geval van twee klassisse, sal bestaan uit 12 afgevaardigdes). Die waarskynlikheid is dus groot dat dieselfde afgevaardigdes mekaar gereeld op sinodes ontmoet, terwyl nie al die kerke op die sinode verteenwoordig mag wees nie.

Ons kan aanvaar dat die afgevaardigdes na meerdere kerklike vergaderings (klassisse en sinodes) ook van die mees wyse manne uit die kerkraad en klassis is. Maar as gevolg van die beperkings in mannekrag en afgevaardigdes bestaan die gevaar binne die VGKSA dat sinodes ontwikkel as 'n soort raad van wyse manne in die kerkverband. Dit sou kon beteken dat sekere persoonlike aksente kontinuïteit in die kerkverband kan begin kry. Moontlik het dit ook 'n rol gespeel by die huidige finansiële probleme, waar die konsekwensies van vroeëre besluite nie voldoende oorweeg is nie. Is dit onvermydelik?

Verteenwoordigende besluite
By die rol van meerdere vergaderings in ons kerkverband moet die gereformeerde beginsel daarvan voorop staan. Dit is, meerdere vergaderings is vergaderings van *kerke* (en dus nie in die eerste plek van wyse manne nie). Die woord 'sinode' beteken "saam *(as kerke)* op pad". Op klassisse en sinodes moet dus in die eerste plek die stem van die kerke gehoor word. Dit beteken dat kerke (kerkrade) sorgvuldig kennis moet neem van die sake waaroor die klassisse en sinodes moet beraadslaag en besluite neem.

Verkieslik moet die afgevaardigdes dus seker weet dat hulle in breë trekke die mening van die kerk of klassis verteenwoordig. Vandaar ook die belangrike reël dat verslae van deputate ten minste ses weke voor die sinode in die besit van die kerke moet wees. As dit minder is, kan die kerkrade nie meer genoegsaam voorberei nie en ontaard die sinode inderdaad in 'n vergadering van wyse manne wat tydens die sinode hulle mening moet vorm op grond van hul eie insigte. Vanweë die gewoonlike beperkings in voorbereidingstyd sou 'n vereiste gestel kon word dat alle deputate hul verslae begin met 'n

samevatting van maksimaal twee bladsye, sodat *al* die ouderlinge in die kerkraad dit kan lees en 'n oordeel kan vorm.

Goeie vooraf-beraadslaging oor voorstelle sal die gehalte van die besluite bevorder. In die jare rondom 1980 het ds Van Hulst gekla dat die een sinode weer herroep wat die vorige sinode besluit het. Dit is 'n vermorsing van (kosbare amptelike) tyd en beteken dat die konsekwensies van sekere kerklike besluite aanvanklik nie goed deurdink is nie.

Meelewing gemeentes

Verder sal dit ook goed wees wanneer deputate tussen en dalk ook geruime tyd voor sinodes **die gemeentes inlig** oor hulle werksaamhede en bevindings (op 'n "populêre" vlak, sodat ook die gewone lidmate sal verstaan wat die sake is waaroor die sinode sal beraadslaag). Moontlik sal ook **'n kerklike diskussie vooraf** help om 'n goeie mening te vorm. Dit sal die huidige "afstand" wat daar tussen die kerkvolk en sinodes ontstaan het, hopelik weer verklein. As voorbeeld kan dien ons susterkerke in Nederland (die GKv). Hulle komende sinode moet besluite neem o.a. oor 'n nuwe kerkorde. Maar inmiddels het daar reeds 'n hele aantal publikasies (en internet-boodskappe) oor die onderwerp verskyn. Dit help die deputate en die sinode-afgevaardigdes baie goed met die voorbereiding van besluite.

In die onlangse verlede is klassisse geskep om die werk van sinodes te verlig. Deur die getrapte afvaardiging beteken dit dat nie alle kerke meer op sinodes verteenwoordig mag wees nie (dalk slegs ses van die agt kerke). Dit is egter nie goed vir 'n klein kerkverband nie, waar verkieslik *alle* kerke regstreeks betrokke moet wees by die bespreking, besluitneming en uitvoering van besluite. Die Gereformeerde Kerke van Nieu-Seeland (RCNZ) bestaan uit 19 gemeentes en ongeveer 3 500 lidmate (dus ongeveer twee maal so groot as die VGKSA). Hieroor meld ds Lion-Cachet in *Die Kerkblad* van Julie 2006 die volgende:

"Die sinode vergader elke drie jaar, en twee afgevaardigdes van elke gemeente woon dit by. Die sinode duur ongeveer 'n week lank. Interessant is dat die hele gemeente baie goed ingelig word oor wat op die sinode bespreek gaan word, en elke afgevaardigde is goed bekend met die gevoel van die gemeente oor sekere vraagstukke. Die kerkraad sal ook aan die afgevaardigdes duidelik stel hoe hulle moet stem oor sekere sake. Alleen met goed gemotiveerde rede sal die afgevaardigde anders stem as wat hy weet die gemeente en kerkraad oor 'n sekere saak voel."

Hoewel dit nie baie aantreklik lyk vir afgevaardigdes om met 'n "stem-mandaat" afgevaardig te word nie (is hulle self dan nie wys genoeg nie?), mag dit tog voordele vir ons beperkte kerkverband inhou. En die RCNZ se kommunikasie-aanpak en -beleid mag ook by ons die "afstand" tussen die gemeente-lidmate en die sinode weer verklein. Dit sal dus goed wees vir die VGKSA as, behalwe op klassisse, ***alle* kerke ook regstreeks op 'n sinode verteenwoordig is**. Dan voel geen kerk uitgesluit of half verteenwoordig nie. Die wyse Salomo leer ons dat daar meer wysheid en goeie resultate is by meer raadgewers (Spr 15: 22). Die klassisse kan hulle dan bly konsentreer op spesifieke regionale aangeleenthede.

Hans Moes *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.*

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van koopooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za

BOEKENUUS

NUWE BOEK:

Van kerke en dorpe / Jan Hoevers
Die skrywer het reeds van jongs af in katedrale en kerke belanggestel. Sedert 2001 onderneem hy en sy vrou Sjoerdje talle reise na die uithoeke van Suid-Afrika om die ryk geskiedenis van die oudste dorpe en kerke op te teken. Die foto's is meestal deur homself geneem en die materiaal vir die vertellings is versamel van kerkkantore, predikante, biblioteke, inligtingskantore en vele gesprekke met plaaslike historici. Dit is geen droë geskiedenisboek nie, maar 'n boek vol lewendige vertellings wat vir die nageslag opgeteken is.
"Die meetsnoere het vir my, soos Dawid van ouds, in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi. Ek het 'n passie vir die Here se werk en die geskiedenis van Sy kerk boei my."
(342 bladsye – R 235) (CD met foto's ingesluit)

FAMILIE STUDIEBYBEL - DRIE VERTALINGS IN EEN
'n Unieke erfstuk van geslag tot geslag.
Kry die beste van drie vertalings:
*Ou Afrikaanse Vertaling (1953) – Vertaling naaste aan die oorspronklike tale – gee die diepere betekenis van woorde
*Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) – In gemaklike Afrikaans
*New International Version – Wêreldwyd een van die beste Engelse vertalings; baie gewilde, korrekte interkerklike vertaling; ondersteun die twee Afrikaanse vertalings
Enige onduidelike sin of woord kan vinnig en maklik in twee ander betroubare vertalings nagegaan word; verstaan die Bybel vanuit 'n breër perspektief; verstaan die diepte van God se Woord beter; duimindeks; volledige familiestamboom oor 8 geslagte; woordelys en definisies; plek vir notas en kruisverwysings.
(Slegs in luukse weergawe – R1 290.00)

KINDERBOEKE DEUR NANCY GORRELL:
Ek wil God ken. *'n Gids vir kinders*.
Hierdie is nie sommer jou gewone Dawid en Goliat-kinderboeke nie! Belangrike leerstellings word op 'n kindvriendelike wyse behandel. Elke onderwerp word eenvoudig, maar in diepte, bespreek, sodat kinders dit maklik sal verstaan. Moeilike vrae word beantwoord en deur Bybelse Geheue-Versies gestaaf.

Hierdie boekies is reeds in 14 tale vertaal.

Ontmoeting met God / Nancy Gorrell
Handel oor:
Die skepping
Jesus
Redding



Begin met God / Nancy Gorrell
Handel oor:
God
Die Bybel
Die Drie-eenheid



Leef met God / Nancy Gorrell
Handel oor:
Aanbidding
Die Hemel
Gehoorsaamheid
Gebed

(R 85 elk)

Bogenoemde boeke is verkrygbaar / kan bestel word by:

www.folmerboek.com

Folmer Boekhandel (Kaapstad)
Proteaweg 95, Proteahoogte, Brackenfell, 7560
Tel: 021 982 1402
e-pos: eendenkooi@telkomsa.net

Folmer Boekhandel (Pretoria)
Laseandralaan 115, Môregloed, 0186
Tel: 012 333 8064
epos: folmerpta@telkomsa.net

Petro Drijfhout
folmerboek@telkomsa.net
Tel/faks: 012 543 3597

Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)
Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 0127
Faks 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:
Printburo (telnr 012 335 9134)

Redaksie:
Prof Hans Boon (eindredakteur)
Douwe Drijfhout
Gerhard Bijker
Marja Danielz
Heleen Snijder

Subredakteurs:
Leer & Lewe:
Roelof de Jong
Venster op die Bybel:
Ds Jopie van der Linden
Wetenskap & Tegnologie:
Johan Bijker
In Pers-pektief:
Hans Moes

Redaksieadres:
19de Laan 560
Rietfontein 0084
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:
Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):
RSA per e-pos : R60
RSA per hand : R120
RSA per pos : R160
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

http://kompas.vgk.org.za/

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is.
Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds P Abrahams :**
  Bauhinia Close 12, Belhar 7490 tel 021 953 0940 /
  pabrahams@webafrica.org.za
- **Dr JA Breytenbach :**
  Hoëveldlaan 17, Bethal
  hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds JJ Drijfhout :**
  21ste Laan 934, Rietfontein; sel 072 556 9872
  jj.drijfhout@vgk.org.za
- **Ds C Kleijn :**
  Corneliusstraat 1071, Panorama, A H,
  Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 /
  dskleijn@vgk.org.za
- **Rev BA Matlaela :**
  Soshanguve Noord; tel 073 241 9963
- **Rev T Mogale :**
  19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 /
  kgwadumogale@vodamail.co.za
- **Ds HH van Alten :**
  Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 /
  hhvanalten@vgkmaranata.org.za
- **Ds E Viljoen :**
  Mountainviewrylaan 36, Ridgeworth, Bellville 7530;
  tel 021 919-9149 / sel 084 440 2428; emyn04@gmail.com

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Ds DM Boersma :**
  Hibiscusstraat 54, Chantelle 0182, Pretoria
  tel 012 549-3668 / dmboersma@vgkmaranata.org.za
- **Ds PG Boon :**
  Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186, Pretoria
  tel 012 332-1028 / pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Ds T de Boer :**
  Mantova 30, Aerangisstraat, Môregloed 0186, Pretoria
  tel 012 333-5602 / tdeboer@vgkmaranata.org.za
- **Rev MP Magagula :**
  575 Blok GG, Soshanguve 0152;
  tel 012 798-1553 / magagula@telkomsa.net
- **Rev J Mhlanga :**
  Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid;
  tel 012 791-0983 / jmhlanga@vgkmaranata.org.za
- **Rev GF Mnisi**
  Soshanguve; tel 072 237 2412
- **Ds CA van Wyk**
  Eikelaan 1, Rustdal, Blackheath 7580
  tel 021 905-3512 / cvanwyk@webafrica.org.za